


STANDERD I. BOEK II.

# EK KAN LEES.

deur E. TISMEER,
Departementale Instruktriese vir Kindertuin-Metodes in die Kaapprovinsie, en
L. B. HOSKING, vroeër Onderwyseres vir Kindertuin-Metodes aan die Opleidingskollege, Wellington, Kaapprovinsie.
Geïllustreer deur M. M. JOHNSON, Onderwyseres, Oudtshoorn.

# EK KAN LEES

DEUR


E. TISMEER,

Departementale Instruktriese vir Kindertuin-Metodes in die Kaapprovinsie

EN

L. B. HOSKING,

vroeër onderwyseres vir Kindertuin-Metodes aan die Opleidingskollege Wellington, Kaapprovinsie


Geillustreer deur M. M. JOHNSON, Onderwyseres Oudtshoorn.

STANDERD I.
II.


UITGAWE VAN SWETS EN ZEITLINGER, AMSTERDAM
IN DIE JAAR 1929.



VER-SKILLEN-DE MA-NIE-RE OM SKOOL-TOE TE KOM.

Daar is skool-kin-ders wat in 'n stad woon, en daar is skool-kin-ders wat op die platte-land woon.
Het ons al van me-kaar ge-hoor op watter ma-nie-re ons skool-toe ry of loop?
Al die kin-ders wat in die Kaap-se sko-le is, woon nie in die Kaap nie. Nee, glad nie. Par-ty moet 'n he-le ent-jie met 'n trein ry voor hulle in die Kaap aan-kom.
Daar is kin-ders wat taam-lik ver van hulle skool af woon, maar nie ver ge-noeg om met die trein te ry nie. Hulle ry met die trem.
'n An-der klom-pie wat al groot is ry op fiet-se skool-toe.
Daar is ook kin-ders wat skool-toe loop want hulle bly na-by die skool.
Ons weet van 'n kind wie se Pa 'n mo-tor het en wat in die oggend in die mo-tor skool-toe ry.
Teens-woor-dig is daar groot mo-tors wat busse ge-noem word en waar se-ker twintig mense te-ge-lyk in kan ry. As dit skool-tyd is, sien jy 'n he-le paar busse vol skool-kin-ders.
Maar hoe gaan dit nou op die platte-land?
Dik-wels is die af-stan-de so groot dat die kin-ders nie skool-toe kan loop nie. Die pad is mees-al taam-lik sleg, vol klippe en sand en dit maak die loop moei-lik.
Wie se Pa 'n mo-tor het, kan maar in die mo-tor ry, maar al-mal se Pa's het nie mo-tors nie.

Daar is kin-ders wat met 'n per-de-kar kom.
Ge-woon-lik hou een van die groot-ste seun-tjies lei-sels en is die kar vol ge-laai met kin-ders.
Wie nie 'n per-de-kar het nie moet hom par-ty-keer be-help met 'n donkie-karre-tjie.
Moe-nie glo dat so'n donkie sta-dig loop nie.
Ons het al donkies al te lekker sien draf.
Vir fiet-se is die pad mees-al te sleg, of-skoon daar kin-ders is wat op die fiets skool-toe kom.
Die los klippies sny mak-lik die fiets-ban-de stukkend.
Daar is kin-ders wat goed kan perd-ry en dis 'n ple-sier om hulle in die oggend op 'n mooi perd-jie skool-toe te sien draf.
Daar is seuns wat fluks is met donkie-ry.
Daar-by ge-bruik hulle nie 'n saal nie, hulle klim so-mar op die donkie se rug, sit so e-we def-tig reg-op en ry soos die wind.
Na-tuur-lik moet die donkies eers ge-leer word om mense te dra.
Par-ty donkies is heel ge-willig, hulle het geen stre-ke nie, maar par-ty donkies hou nie daar-van om so spogge-rig rond te draf nie.
Hulle maak dit al te las-tig vir die seun wat hulle moet ry.
Ons weet van kin-ders wat na-by 'n winkel bly wat al-tyd groot mo-tor-lorries uit-stuur.
El-ke oggend ry so 'n mo-tor-lorrie ver-by die skool en die dry-wer laai al-tyd 'n he-le klom-pie kin-ders op.
Een flukse seun het 'n groot kis ge-neem, wie-le daar on-der ge-sit en 'n ry-tuig vir sy twee klein sus-ter-tjies daar-van ge-maak.
Hy trek die ry-tuig voort met 'n tou. Dis nie ge-vaar-lik nie, want dit gaan maar sta-dig.
Dis 'n snaak-se ge-sig wanneer die kin-ders daar in die skool is. Die karre, donkie-karre-tjies, fiet-se, per-de, donkies en die kissie staan bui-te-kant en wag tot hulle weer die kin-ders huis-toe moet ry.
Kin-ders wat nie ry-goed het nie moet soms ver loop.
In die stad is dit nie no-dig om so ver te loop nie, want daar is veel sko-le en veel ry-goed.
Waar wil julle nou lie-wers woon, in die stad of op die platte-land?

# 'N KRIS-MIS-BOOM. DEEL I.

Mees-te van ons het al 'n Kris-mis-boom ge-sien, nie waar nie? Dis nie 'n ge-wo-ne boom met bla-re aan nie, dis 'n boom wat bla-re het wat net soos naal-de lyk.

So 'n boom noem 'n mens 'n denne-boom. In 'n groot bos het dit vol-ge-staan met daar-die soort bo-me.

„Ek won-der," sê 'n mooi groot denne-boom, „wie van-jaar vir Kris-mis-boom sal ge-kies word. Kyk hoe krag-tig is my stam, hoe sier-lik is my naal-de, dit sal waar-skyn-lik wel ek wees."

„Ag, nee," sê 'n klein boom-pie, „waar-van praat jy nou? Daar is nie 'n huis groot ge-noeg om jou in te sit nie.

Nee, kyk na my, ek is wel nie prag-tig nie, maar ek is ook nie le-lik nie en ek het die reg-te maat. Ek sal mak-lik in 'n ka-mer reg-op kan staan.

Ek kan al sien hoe kyk die vrin-de-li-ke ge-siggies van die kin-ders na my. Ek hoor al hoe ple-sie-rig al-mal om my stamme-tjie dans en ek sien hoe mooi die pre-sent-jies lyk wat naas my lê."

„Ag, wat, jy is 'n ou spogge-ri-ge boom," sê 'n heel ou denne-boom. Hy self re-ken daar nie meer op om vir Kris-mis-boom ge-bruik te word nie.

Nog nooit was hy ge-kies nie en nou is hy swak, le-lik en on-aan-trek-lik. Hy het maar wei-nig ple-sier in sy le-we want sy takke be-gin kaal te word en hy voel so oud.

On-der al die bo-me is daar e-ne-tjie wat glad nie praat nie. Hy is nie groot of klein nie, nie oud en nie jonk nie. Sy naald-jies blink in die son en lyk prag-tig groen.

Sy hart-jie klop vinnig want al praat hy nie, hy dink so-veel te meer. O, as hy tog ge-kies word om Kris-mis-boom te word!

Hoe trots sal hy voel en hoe ge-willig sal hy hom laat af-kap.

Daar kom 'n klom-pie mans aan en ge-sels oor die bo-me. Hulle soek 'n Kris-mis-boom.

„Wat dink julle van hier-die groot boom?" hoor hy sê. „Ag, nee daar-die boom is af-sku-we-lik. Kyk sy lang kaal top. Nee, die kan ons nie ge-bruik nie."

Rus-tig stap hulle voort. Daar kom hulle by die dik boom-pie.

„Wat dink julle van hier-die boom?"

„Ag, man, sien jy dan nie dat sy naal-de glad nie blink nie? Dis 'n le-li-ke boom; my kin-ders sal glad nie daar-die boom mooi vind nie."

Daar na-der hulle die boom-pie wat so stil ge-bly het. Hy gaan

reg-op staan, kyk na die man met sy on-skul-di-ge o-gies, skud sy prag-ti-ge naald-jies en luis-ter goed wat hulle sê.
„Dis die boom wat ons no-dig het :" sê die mans. „Hy het 'n be-hoor-li-ke leng-te, is nie te groot nie en lyk prag-tig mooi.
Ruik hoe lekker ruik sy naald-jies.
Hulle be-gin nou aan die boom te kap en daar val hy met af-ge-kap-te voet-jies op die grond.
Hy gee nie om nie want hy gaan 'n Kris-mis-boom wees.
„Dag, julle al-mal," sê hy, „ek sal julle nooit weer sien nie. Ek gaan nou in 'n huis woon en ek kry mooi liggies in my takkies".

## 'N KRIS-MIS-BOOM. DEEL 2.

Die boom-pie is al te ver-langend om te weet waar hy heen gaan. Hy word op 'n wa ge-laai en daar ry hy.
Nog 'n slaggie roep hy : „Dag julle al-mal, le-we maar vro-lik en te-vre-de. Een dag is dit mis-kien julle beurt om 'n Kris-mis-boom te word."
Die an-der bo-me is te-leur-ge-stel dat hulle daar in die bos moet bly. „Ag," sug die ou dik boom-pie, „hoe-kom moet ek nou weer hier bly. Dis al-dag die-self-de in hier-die bos. Nooit sien ek my niggies en ne-fies, die bo-me met bla-re en nie naal-de nie."
Daar klink 'n groot ou stem ; „kin-ders, ag, waar-om is julle so on-te-vre-de. Is dit nie heer-lik in hier-die bos nie? Kyk hoe mooi speel die son-lig oor ons naal-de en hoe lekker warm voel dit.
Julle skyn te ver-geet dat dit glad nie al-dag die-self-de is nie. In die win-ter is dit koud, soms gee dit my 'n pyn-li-ke ge-voel deur my he-le lyf.
Soms waai die wind so saggies en waai ons naald-jies heen en weer as of ons op 'n swaai sit. Ag, dis so lekker, dis wat ons no-dig het en waar-van ons al-mal so da-nig hou.
Soms waai die wind hard en dan word par-ty van ons bang. Ont-hou julle nog die bange-ri-ge klein boom-pie wat laas-te jaar om-ge-waai het?
Soms is die son so warm dat ons koppies am-per brand. Dan speel die sonne-tjie deur ons blaar-tjies en maak dat ons so lekker ruik. Dis nooit een-to-nig hier nie. Soms kom die klein kin-der-tjies piek-niek hou on-der ons.
Dan hoor ons hulle stemme-tjies mooi lied-jies sing en ons sien hulle on-skul-di-ge klein ge-siggies.
Dis prettig vir my om so 'n piek-niek te aan-skou. Ont-hou julle nog die fiuk-se seun wat een dag sy klein sus-ter-tjie op my takke laat swaai het?
Toe hy sien my tak wil breek en die dog-ter-tjie sal af-val, het hy haar skie-lik op-ge-vang.
Ons kan veel leer van die mense. Daar is mense wat vrin-de-li-ke ge-sig-te het en al-tyd ple-sie-rig lyk. Daar is haas-ti-ge mense, nuus-kie-ri-ge mense. Daar is mense wat al-tyd vroeg-ty-dig op-staan om die mooi na-tuur te aan-skou.
Daar is ook mense wat rond-loop met lang ge-sig-te en wat nooit lag nie maar brom soos julle.
Nee, kin-ders ons moe-nie so maak nie. Ons moet maar al-tyd aan

die vrin-de-li-ke mense en kin-ders dink en ons ge-siggies ook so laat lyk.
Dink julle nie dat ons dank-baar be-hoor te wees dat ons hier in die mooi bos mag woon nie?
Dit kan-nie al-tyd mooi warm weer wees nie, maar as dit kom waar-deer ons dit.
Kom, kin-ders, kom bo-me, groot en klein steek op julle koppe, steek uit julle naal-de en wees vro-lik."
Die an-der bo-me is skaam oor hulle on-dank-baar-heid en sê, „ja, lie-we- ou Ou-pa-boom ons sal nie meer so le-lik praat nie, nie meer so skan-de-lik on-dank-baar wees nie.
Ons sal hart-li-ke, vrin-de-li-ke ge-siggies wys.
Ons dank jou van har-te vir die lessie wat jy vir ons ge-leer het."


M.M. Johnson

## 'N KRIS-MIS-BOOM. DEEL 3.

Terwyl die an-der bo-me in die bos so ge-sels ry die af-ge-kap-te boom-pie oor 'n klippe-ri-ge pad na die stad.
Sy o-gies is wa-wyd oop want hy gaan mos na 'n nu-we wê-reld wat hy nog nooit aan-skou het nie.
Die stoot en die stamp van die wa vind hy af-sku-we-lik maar hy sal maar maak of hy dit nie voel nie.
„Ting-ting-ting" hoor hy. Hy steek sy koppie op en dink, „wat is dit?"
Hy sien 'n groot wa waar-in 'n heel klomp mense sit.
Dis 'n won-der-li-ke ding, dink hy.
Die boom-pie het nie ge-weet dat dit 'n trem is nie.
Hy sien mo-tors en karre en trems en mo-tor-lorries en busse ver-by hom ja.
Wat 'n won-der-li-ke wêreld is dit, dink hy.
Hy word van die wa af-gelaai en in 'n groot saal ge-bring. Daar staan 'n groot vat vol met grond.
Hulle steek sy stamme-tjie daar-in, druk die grond goed vas en daar staan ons boom-pie pen-reg-op.
Hy kyk rond en is nuus-kie-rig om te weet watter soort huis en saal dit is.
Daar kom da-mes in wat hom be-gin te prys oor sy mooi takke, reg-op stam en sy lekker ruik.
In sy takke hang hulle nou mooi blink-goed-jies, appel-tjies wat blink soos goud en sterre-tjies wat blink soos sil-wer.
O, hoe sier-lik lyk die boom-pie nou. Sy hart-jie klop won-der-lik vinnig. 'n Man hang ker-sies in sy takke en be-gin hulle aan-steek. Hy word 'n klein bie-tjie ang-stig.
Is dit nie 'n ge-vaar-li-ke ding om ker-sies aan te steek, wat so op sy takkies staan nie?
Sal die ker-sies nie sy mooi naald-jies aan brand steek nie?
Ver-sig-tig maak een da-me 'n doos oop en daar lê 'n prag-ti-ge klein engel-tjie met 'n gaas rokkie aan en 'n sterre-tjie op haar hoof. „Wat gaan hulle nou met die engel-tjie maak," dink die Kris-mis-boom-pie.
Die man wat die ker-sies op-ge-steek het neem die engel-tjie heel ver-sig-tig op, klim op 'n leer en sit die engel-tjie bo op die boom-pie se koppie.
„Ag, hoe heer-lik voel dit om so 'n sier-li-ke dinge-tjie te dra! Hy durf nie met sy koppie skud nie want dan sal die mooi engel-tjie af-val en seer kry.
Daar staan ons boom-pie, kant en klaar aan-ge-trek soos 'n Kris-mis-boom. Die da-mes lê mooi presen-tjies naas hom neer.
Dis vir al die lie-we kinder-tjies wat net nou na hom kom kyk.

Kan julle raai in watter soort huis daar-die Kris-mis-boom-pie nou staan?

Hy staan in 'n hos-pi-taal en nie in 'n ge-wo-ne huis nie.

Siek kin-der-tjies wat te siek is om by hulle Mammies tuis te bly gaan ge-woon-lik hos-pi-taal-toe. Daar is lie-we da-mes wat ons ver-pleeg-sters noem, wat hulle mooi op-pas.

Mammies het par-ty-keer so-veel te doen dat hulle nie al hulle tyd aan die siek kin-der-tjies kan gee nie.

Kin-der-tjies wat al in 'n hos-pi-taal was weet hoe prettig dit daar is. Groot sa-le staan vol met bed-jies en in el-ke bed-jie lê 'n siek kind-jie.

In die oggend hoor jy net oor en weer roep, „het jy lekker ge-slaap?"

„Hoe gaan dit van-dag met jou?"

Par-ty moet bitter-goed-jies sluk om be-ter te word en par-ty moet dood-stil lê.

So 'n hos-pi-taal is 'n wêreld vir siek kin-der-tjies.

Die ver-pleeg-ters het daar-die dag vir die kin-ders ver-tel dat hulle die aand na 'n mooi Kris-mis-boom gaan kyk.

Een ou seun-tjie, Da-nie, wie sy been-tjie af is hoor dit en sê: „sus-ter" want ver-pleeg-sters word sus-ter ge-noem, „sus-ter sal ek ook na die Kris-mis-boom mag gaan?"

„Ja, my ou hart-jie," sê die sus-ter, „eet maar fluks jou pap op, speel maar mooi met jou beer-tjie en dan sal ons jou ook daar-heen dra."

Die aand is die kin-der-tjies glad op-ge-won-de van pret. Al-mal het mooi skoon nag-kleer-tjies aan.

Die mei-sies se ha-re is ge-krul en hulle lyk net spogge-rig.

Die siek kin-der-tjies word nou al-mal in die saal ge-dra waar ons Kris-mis-boom-pie staan.

Ag, hoe blink die o-gies toe hulle die prag-ti-ge boom-pie sien.

Da-nie met sy af-been-tjie sê niks nie. Dis vir hom te prag-tig. Sy hand-jies maak as of hulle die blink-goed-jies wil gryp.


Hy lê dood-stil en sug van ple-sier. Dis werk-lik die aller-mooi-ste boom wat hy ooit ge-sien het.

Hoor! daar be-gin die kin-ders mooi Kers-lied-jies te sing. Da-nie voel nie as of hy nou kan sing nie. Hy dink aan sy Pappie en Mammie en broer-tjies en sus-ter-tjies wat nie so 'n mooi boom het nie.

Ag, kon hulle maar hier wees.

Die engel-tjie bo-op staan daar met wyd-uit rokkies en blink en blink dat sy o-gies al meer rek om tog maar alles raak te sien.

Die kin-der-tjies wat nie te siek was nie en wat kon loop speel spe-le-tjies met die ver-pleeg-sters.
Die seun-tjie lê maar stille-tjies en kyk en kyk as of hy nooit sal kan op-hou met kyk nie.
Dit be-gin al laat word en nou gee die ver-pleeg-ters vir al-mal 'n mooi pre-sen-tjie.
Da-nie kry ook 'n pre-sentjie, maar ag, dis nie wat hy graag wil hê nie. Daar is net een ding wat hy be-geer. Daar blink 'n traan-tjie in sy o-gies.
„Ag, sus-ter," sê Da-nie, „ag, daar is net een dinge-tjie wat ek so graag wil hê. Ek wil so graag daar-die engel-tjie hê wat daar-bo in die boom hang. Ek wil die lie-we engel-tjie vir my Pappie en Mammie en broer-tjies en sus-ter-tjies wys.
Hulle weet nie hoe mooi so 'n engel-tjie lyk nie."
Die ver-pleeg-ster is 'n lie-we da-me. Sy klim op die leer en gee die engel-tjie vir Da-nie.
Ag, hoe bly is hy nou. Hy ver-geet glad om dankie te sê. Die engeltjie word toe aan sy bed-jie ge-hang en Da-nie is die aand die gelukkig-ste klein seun-tjie in die he-le hos-pi-taal.
Die Kris-mis-boom is ook ge-lukkig want het hy nie al die ar-me siek kin-der-tjies bly ge-maak nie?



## 'N MOE-DI-GE KAT.

Katte s lie-we sag-te dier-tjies soos ons al-mal weet. Hulle loop so saggies en trap so soet-jies dat jy hulle dik-wels nie kan hoor nie. Die mees-te kin-ders is lief vir katte en dra hulle graag rond.
Een dag was daar 'n ba-ba wat el-ke oggend haar groot grys kat in haar arms ge-neem het en hom kom-buis-toe ge-dra het.
Sy sit haar arm-pies om sy ly-fie en druk hom vas teen haar aan.
Sy ag-ter-po-te hang een kant en sy voor-po-te en kop an-der-kant.
Dis lief-lik om te sien hoe 'n moe-der-kat met haar klein-tjies speel.
Par-ty-keer wil die klein-tjies ge-vaar-li-ke spe-le-tjies speel, maar dan waar-sku die ou moe-der-kat hulle.
As mense te veel met die kleintjies speel dra die moe-der-kat hulle par-ty-keer weg.
Sy steek hulle dan so weg dat nie-mand hulle kan kry nie.
Ons gaan nou lees van 'n moe-der-kat wat die le-we van haar klein-tjies ge-red het. Die katte het in 'n groot huis ge-woon.
Een dag het die klein kat-jies glad weg-ge-raak. Die kin-ders kon hulle nie kry nie. „Sien julle," sê hulle Mammie, „ek het vir julle ge-sê die kat sal haar kat-jies weg-steek. Julle het aan-ge-hou met die klein-tjies rond-dra."
Al-mal soek, maar nie-mand kan die klein-tjies kry nie.
Een aand word al-mal op-ge-skrik deur die ge-roep van „brand! brand! brand!"
Daar is die stal wat naas die huis staan aan die brand. Groot vlamme kom by die deur en par-ty ra-me uit. Dis on-moont-lik om na-der-by te kom.

Da-de-lik be-gin 'n klom-pie mense wat ge-willig is wa-ter op die vlamme gooi.
„Kyk!" skree 'n man, „kyk, wat staan daar-bo voor die raam?"
Dis die ou moe-der-kat met 'n klein-tjie in haar bek. Sy gee net een groot spring en spring met haar klein-tjie uit die raam.
Voor die mense haar kan gryp klim sy weer by die huis op. Sy is be-sig met 'n ge-vaar-lik-e wer-kie. Sy is na-by die vlamme, maar sy kyk nie eers daar-na nie.
Weer spring sy uit die raam met 'n klein-tjie in haar bek. Vir die der-de maal klim sy teen die muur op.
Die vlamme is nou al hoog; die he-le stal is aan die brand.
Die mense hou a-sem op vir die moe-di-ge ou moe-der-kat.
Weer kom sy voor die raam met haar der-de kat-jie. Sy is al doodmoeg maar gee nie om nie. Sy spring en daar is al-drie haar kin-der-tjies ge-red.
Haar ha-re is ge-skroei; haar snor-baard is ver-brand. Sy het groot se-re op haar lyf.
Die baas van die huis neem haar met haar drie kat-jies huis-toe en ver-sorg haar goed.
Die moe-der-kat lek sy han-de as of sy vir hom wil be-dank.
Het julle kan dink dat 'n kat so moe-dig kan wees?

## GE-BRUIK JOU O-E.


Kin-ders wat in 'n groot stad woon weet al-mal dat dit 'n moei-li-ke ding is om 'n straat oor te steek waar bai-e wa-ens en mo-tors ry. Dik-wels moet hulle lank wag voor daar 'n kans is om van die een kant van die straat na die an-der-kant te kom.
Op die platte-land en in die dor-pe ry ook wa-ens en mo-tors, maar glad nie so bai-e nie.
Frikkie het in Kaap-stad ge-woon. Eers was hy in Stan-daard B ge-wees, maar nou is hy al in Stan-daard I. Vroe-ër het sy Mammie of sy oud-ste sus-ter hom skool-toe ge-bring.
Toe hy in Stan-daard I ge-kom het het hy vir sy ou-ers ge-vra of hy nou alleen skool-toe mag loop.
„Ja," sê Mammie, „dis goed, maar jy moet jou o-ë bai-e goed ge-bruik. Jy moet nooit in die middel van die straat loop nie. Dis te ge-vaar-lik. Moont-lik is daar karre of mo-tors wat vinnig ry.
Jy is nog maar klein en jy sal nie so gou uit die pad kan gaan nie. Daar-die middel van die straat is nie vir kin-ders om te loop nie. Hulle moet al-tyd aan die kant bly. Dis die plek vir julle.
Frikkie het die eer-ste dag goed uit-ge-kyk en hy het niks oor-ge-kom nie.
Die juffrou van die skool het ook vir die kin-ders ge-sê om tog goed rond te kyk.
„Voor jy dit ge-waar," sê jy, „is 'n mo-tor of 'n wa of 'n kar na-by jou."
Frikke hoor goed wat sy sê, maar dink dat hy dit be-ter weet as sy Mammie en die juffrou. Die ag-ter-middag toe hy uit die skool kom loop hy met 'n klomp seun-tjies huis-toe. Hy dra sy ei-e boek-sakkie, want dis glad nie swaar nie.
Na-tuur-lik ge-sels die klom-pie van die skool.
„Ag," sê Frikkie, „ek dink nie dis no-dig of nood-saak-lik dat ek op hier-die sy-paad-jie moet loop nie. Ek het mos o-ë om te sien as daar 'n mo-tor aan-kom."
Hy loop in die middel van die straat. Ver-skei-e mo-tors het al ver-by ge-gaan en el-ke slag het Frikkie op sy ge-spring.
Sy vrind-jies draai in 'n sy-straat in en Frikkie ver-volg alleen sy ei-e pad.
Hy wil 'n straat oor-steek, kyk nie uit sy o-ë nie en daar ry 'n wa teen hom.
Hy val en skree maar dis te laat.
Ge-lukkig het hy nie seer ge-kry nie, want die wa het maar sta-dig ge-ry.



---

NUWE MOEILIKHEID.
Woorde wat uitgaan op e soos bai-e of ë soos o-ë.
Woorde wat uitgaan op ers en ens.
*Sien die handleiding.*

Frik-kie het groot ge-skrik. Wanneer hy nou alleen loop kyk hy goed in alle rig-tinge en as hy sien dis vei-lig dan steek hy die straat oor. Ons moet tog al-tyd waar ons gaan goed uit-kyk vir mo-tors of mo-tor-fiet-se want hulle ry bai-e vinnig.
Lie-wers 'n bie-tjie te ver-sig-tig as al te on-ver-sig-tig, nê?



# WIE IS DIE NUTTIG-STE?

Op 'n plaas het al die die-re en die pluim-vee een-dag by-me-kaar ge-kom om 'n ver-ga-de-ring te hou.
Hulle wil be-spreek en uit-vind wie die nuttig-ste op die he-le plaas is.
„Kom me-vrou koei," sê hulle, dit sal die bes-te wees dat jy maar be-gin om ons te ver-tel van watter nut jy is."
„Moe, moe" loei die koei, „ek gee ver-skei-e dinge vir die mense. Ek gee my melk. Van my melk maak hulle botter en kaas. Die kin-ders drink my melk en groei daar-van.
Hoe sal brood smaak as daar nie lekker botter op is nie? En dink aan die kaas wat bai-e mense so veel van hou. Ja, me-neer hond en me-vrou kat wat sal julle maak as ek nie my melk vir julle gee nie?
Ek sê, koei-e is bai-e nutti-ge die-re, en ek glo nie dat een van julle nutti-ger is as ek nie."
Die die-re en die pluim-vee het dood-stil ge-sit en luis-ter.
„Woef, woêf," blaf nou die hond. „Weet julle wel, dat my werk is? As die baas en sy vrou uit-gaan en die huis alleen laat bly pas ek die huis op. Nie-mand wat nie hier be-hoor nie durf na-der kom as hulle weet dat ek hier is.
Ja, me-neer haan en me-vrouw hen ek pas ook vir julle op. Dit het julle nie ge-weet nie, nê.
Ek hou ook my oog op julle en nie-mand sal julle durf steel nie. Vroe-ër da-e toe ek nog nie hier was nie is daar bai-e ha-ne en henne ge-steel. Nou kom so iets nie meer voor nie. Julle sal al-mal moet toe-gee dat ek bai-e nutti-ger is as die koei-e.

Hulle pas nie die plaas of die die-re op nie, hulle pas maar net op hulle self. Dis glad nie 'n kuns nie.
Nee, ek moet bai-e hard werk, want die plaas is groot. Dit neem my el-ke dag 'n goei-e tijd-jie om o-rals rond te loop."
„Mi-aau, mi-aau," sê toe die kat. „Ag, wat praat julle van nuttig wees! Het julle al ooit ge-dink wat my werk is? Ek ver-ja al die rotte en mui-se wat in die huis kom. Die le-li-ke goed eet die kaas en die kos in die spens op.
Ook maak hulle ga-te in die mu-re en par-ty-keer knabbel hulle aan ons baas se Son-dags-kle-re.
Ek wil julle nou vra, is ek nie bai-e nutti-ger as die koei-e of die hon-de nie?"
Die hen het bai-e goed ge-luis-ter maar nou wil sy ook 'n woord-jie spreek.
„Kloek, kloek," sê sy, „julle skyn glad te ver-geet wat my werk is. Ek lê lekker vars ei-ers.
Die mense eet my ei-ers, dis ge-sond vir hulle. Die nooi bak koek en tert met my ei-ers. Julle weet al-mal hoe lief die mense vir daar-die goed is.
Sê nou daar is nie ei-ers nie, dan is daar ook nie koek nie. Die kin-ders kan nie groei- son-der ei-ers nie en wat moet dan van die mense word?
Ek sê, my werk is die nuttig-ste van al-mal."
„Koe-ke-le-koe," kraai nou die haan. „Wat 'n ge-spog! weet julle wel wat ek el-ke dag doen? Ek staan heel vroeg op as dit nog donker is.
Ek klim dan op 'n hek of 'n hooi-miet en kraai en kraai tot al die mense en die-re op hier-die plaas wakker word. Ek is hulle klok. As ek nie vir hulle wakker maak nie sal hulle en ook julle se-ker die heel dag deur slaap en wat moet dan van die werk word?"
Die nooi maak die voor-deur oop en kyk na die he-le ver-ga-de-ring. Sy gee vir die hoen-ders mie-lies, vir die hond 'n been, vir die kat 'n pie-ring vol melk en vir die koei 'n arm-vol hooi.
Sy praat nie daar-van wie die nuttig-ste is nie. Sy weet dat al-mal nuttig is. Al-mal werk hard en daar-om gee sy vir al-mal kos.

# DIE KATTE SE TEE-PAR-TY.

'n Klomp katte, groot en klein kat-jies, het saam ge-woon in 'n ou stal. Hulle le-we daar lekker en geen mens steur hom aan hulle nie. In die stal is bai-e mui-se en rotte, en die eet hulle al te graag. Een dag het hulle 'n uit-no-di-ging ont-vang om na 'n tee-par-ty te kom wat die ou kat se niggie Lang-stert-jie gaan gee.
Al-mal moet nou klaar-maak vir daar-die par-ty. Pa Snor-baard en Ma Fyn-stemme-tjie lê hulle Son-dags-kle-re klaar.
Die ou klein kat-jies Mie-mie, Pop-sie, Ja-kop en Da-wid stoei met me-kaar van pu-re pret.
„Ja," sê Ma Fyn-stemme-tjie, „julle kan saam gaan maar julle rok-kies en julle pakkies kle-re is nie skoon nie."
„Dis niks nie Ma," roep al-mal, „ons sal gou ons ei-e goed-jies uit-was"
Mie-mie en Pop-sie is die dog-ter-tjies en Ja-kop en Da-wid is die seun-tjies.
Kyk hoe plas-plas hulle met hulle poot-jies om die kleer-tjies skoon te was. Elk een moet sy ei-e wer-kies doen.
Dit duur nog 'n paar da-e en dan kan hulle par-ty-toe gaan.
Toe die dag aan-breek trek Ma Fyn-stemme-tjie haar kin-der-tjies die mooi skoon-ge-was-te en styf-ge-stryk-te kleer-tjies aan. Kyk hoe fraai lyk die klom-pie.
Pa Snor-baard en Ma Fyn-stemme-tjie loop voor en die kin-ders kom ag-ter-na.
„Nou, kin-ders," sê Pa, „op daar-die par-ty sal baie van julle ne-fies en niggies wees en julle moet nou wys hoe mooi julle vir julle kan ge-dra.
Moe-nie te vinnig met julle tonge-tjies lek nie en as julle iets ge-vra word, moet julle net-jies bui-e en sê : „ja dankie, me-vrou." Da-wid, moe-nie so aan jou mou-e trek nie, hulle sal vuil word."
Dis 'n he-le ent-jie wat hulle moet loop na die naas-te plaas waar die par-ty ge-hou sal word.
Dis warm, maar die klein kat-jies ge-niet die wan-de-ling. Die by-e gons en die koei-e kyk na die klom-pie katte.
Toe hulle op die plaas by Me-vrou Grys-jas kom gee al-mal mooi hand en bui-e soos da-mes en he-re.
„Kom lie-we niggies en ne-fies," nooi me-vrou Grys-jas ; „kom sit na-der by die ta-fel. Hier is lekker melk en pas-tei van mui-sies. Ons moes bai-e mui-sies vang om die pas-tei te kan maak.
Ek het ook nog jam van muis-oor-tjies en kon-fyt van muis-poot-jies vir die klein-span."



Da-wid en Ja-kop kan am-per nie meer stil sit nie. Hulle snuffel met hulle neu-sies want die mui-sie-pas-tei ruik al te lekker.
Mie-mie en Pop-sie is 'n bie-tjie ver-le-ë in so 'n groot ge-sel-skap.
Ja-kop kan nie meer wag tot me-vrou Grys-jas die pas-tei stukkend sny nie. Hy neem 'n groot spring van sy la-e stoel-tjie af en spring bo-op die pas-tei.
Sy poot-jies krap aan die skottel en hy wil be-gin te eet.
Al die an-der katte skree en woel deur-me-kaar.
Al-mal wil nou vir Ja-kop weg-ja en self be-gin te eet.
Die baas van die plaas hoor die ge-raas, kom die stal in en woeps vlie al die katte weg in alle rig-tinge.
Pa Snor-baard, Ma Fyn-stemme-tjie en die kin-ders hard-loop huis-toe.
Pa het Ja-kop 'n goei-e pak ge-gee want hy het die par-ty vir al-mal be-der-we.

## 'N PRAAT-JIE OOR MIE-RE. DEEL I.

Ons weet al-mal dat mees-te kin-ders lief is om in die veld rond-te-dwaal.

Daar kry 'n mens mos blomme-tjies, wat so mooi lyk en so lekker ruik.

Ook is daar gogga-tjies wat par-ty-keer so haas-tig rond-stap as of hulle tyd kort-kom.

Een dag sê die juffrou van die Stan-daard I klas, „Kin-ders! wie van julle wil van-middag saam met my na die veld gaan?

Mis-kien vind ons gogga-tjies wat so won-der-lik daar uit-sien en wat julle so graag be-skou."

Al-mal wil graag gaan. Die hoe-de en kep-sies word nie in die skool op-ge-hang soos an-ders nie, want net so gou die skool-klokkie lui sal die klein-span gaan stap.

Kyk hoe vro-lik lyk die ge-siggies, hoe blink die o-ë. Versig-tig en saggies loop hulle om die an-der klasse nie te hin-der nie.

„Is al die kin-ders teen-woordig?" vra juffrou.

„Nee, juffrou, Ko-sie het nog nie ge-kom nie. Dis moont-lik dat hy nog sal kom.

O, ja daar kom hy al aan-ge-hard-loop."

So lank hulle in die dorp is stap al-mal twee-twee naas me-kaar, maar so-dra hulle in die veld kom mag hulle loop soos hulle wil. Elk-een gaan sy ei-e pad.

Nuus-kie-rig kyk die kin-ders rond. Wie sal die eer-ste 'n gogga of 'n blom raak sien?

Jannie loop voor soos ge-woon-lik. Die dog-ter-tjies loop en ge-sels en ge-niet van die lekker koel luggie.

Jannie staan stil by 'n ho-pie grond en skop daar-teen. Hy wil uit-vind hoe-kom die ho-pie daar is. Piet kom na-der-by om te sien wat dit is.

„O, Jannie moe-nie daar-teen skop nie, dis 'n miers-hoop."


Piet is so trots dat hy weet wat dit is en dit vir die an-der kin-ders kan ver-tel.

Die juffrou en die mei-sies kom ook na-der-by en al-mal kyk na die miers-hoop.

„Kom kin-ders, kom sit nou al-mal hier op die grond. Die miers-hoop is dan in die middel en ons kan hom al-mal goed sien. Sit al-mal nou ge-mak-lik en kan al-mal goed sien?

Ons het al ge-hoor van Piet dat dit 'n miers-hoop is, maar daar is nog dinge-tjies wat ons nog nie weet nie. Ek sal dit nou vir julle dui-de-lik maak.

Daar-die miers-hoop is die huis van die mie-re. Hulle le-we nie een-een nie, maar in bai-e groot klom-pe by me-kaar. Die hui-se maak hulle self.
Hulle neem klein stukkies grond en sit dit al op-me-kaar, al op-me-kaar tot dit 'n he-le ho-pie is soos daar-die ho-pie.
Die mie-re moet hard werk om so 'n huis te maak. Hulle loop haas-tig heen en weer en is nooit lui nie. Al-mal moet help.
In daar-die hui-sie is stra-te en ka-mers."
„O, juffrou, dis snaaks, stra-te en ka-mers in daar-die ho-pies? Dit het ons nie ge-weet nie."
Jo-sie rek haar o-ë om die ka-mers te sien want dis vir haar al te won-der-lik.
Gert gaan lê op sy knie-ë want hy wil goed sien hoe die stra-te lyk.
Juffrou be-dui-e die kin-ders dat hulle op hulle plekkies moet bly sit, want dis so las-tig vir haar as al-mal so vo-ren-toe dring.
„Nou kin-ders, let nou goed op, nou gaan ons hoor wat maak die mie-re in daar-die huis."



## 'N PRAAT-JIE OOR MIE-RE. DEEL 2.

„As die huis klaar is, lê die ko-ning-in-mier ei-er-tjies. Die ei-er-tjies is net so klein soos die knoppie van 'n speld en heel-te-mal wit. Na on-ge-veer twee we-ke kom uit die ei-er-tjies bai-e klein wit wurm-pies. Jy kan am-per nie sien dat dit wurm-pies is nie.
Die jong werks-mie-re sorg bai-e goed vir daar-die wurm-pies en dra hulle par-ty-keer van die een ka-mer na die an-der ka-mer, net waar dit warm en klamme-rig is.
Die bai-e klein wurm-pies hou aan met groei tot hulle ses of se-we we-ke oud is. Dan lyk hulle reg-tig soos wit wurm-pies."
„Juffrou, maar waar kom die mie-re nou van-daan," vra weer Jo-sie.
„Wag, Jo-sie, moe-nie so haas-tig wees nie en vra-e vra voor ek klaar is met ver-tel nie. Die ou wit wurm-pies ver-an-der in pa-pies. Nog al-tyd pas die jong werks-mie-re hulle goed op. Hulle bly pa-pies vir on-ge-veer drie of vier we-ke. Dan is dit met hulle ge-duld ge-daan.
Hulle byt dan die doppe stukkend en die mier-tjies kom daar-uit met 'n hoof, lyf, po-te en o-ë net soos 'n vol-wasse mier.
Op hulle koppies dra hulle lang dun voel-ho-rings en daar-mee be-groet hulle me-kaar.
As mense me-kaar groet gee hulle hand, maar die mie-re groet met die lang voel-ho-rings.
Die o-ë van 'n mier is net soos 'n vlieg s'n.
Daar is drie soor-te mie-re, die ko-ning-in, wat die ei-er-tjies lê, die werks-mie-re en die manne-tjies.
Par-ty werks-mie-re moet wag-hou net soos sol-da-te.

Mie-re is maar al-tyd be-sig. Nog nooit het 'n mens 'n lui mier ge-kry nie.
Die hui-se is nie al-tyd van grond ge-maak nie. Soms woon hulle in 'n stam van 'n boom.
Hulle maak paai-e om hulle kos ge-mak-lik na die huis te kan bring. In die win-ter is dit mees-al te koud vir hulle om bui-te-kant te kom."
„Maar juffrou, waar kry hulle dan kos?" vra Piet.
„Dis 'n goei-e vraag, Piet.
In die so-mer maak hulle bai-e kos by-me-kaar en bê-re dit dan vir die win-ter.
Hulle hou bai-e van sui-ker en heu-ning en vrug-te. Ook eet hulle in-sek-te wat ska-de-lik is vir die plan-te.
Julle sien dat daar-die klein ou mier-tjies ook nuttig kan wees, niê?
Mie-re is bai-e skoon-tjies. Hulle help me-kaar om die huis skoon te hou en ook ge-beur dit dat hulle me-kaar skoon lek.
Par-ty-keer kom daar 'n groot dier, sy naam is erd-vark. Hy krap met sy po-te die miers-ho-pe stukkend en lek die mie-re op met sy tong.
Nou kin-ders," sê juffrou, „dis al laat al. Die son staan al bai-e la-er as toe ons hier ge-kom het. Ons moet nou al-mal huis-toe gaan."
„Dankie juffrou vir die lekker middag," sê die kin-ders.

## VA-DER KRIS-MIS EN 'N MUIS.

Va-der Kris-mis is al-tyd bai-e be-sig aan die end van die jaar.As 25 De-sem-ber, Kers-dag, kom wil hy al die kin-der-tjies bly maak om-dat al die groot mense oor die he-le wê-reld ook bly is. Julle juffrou sal julle wel ver-tel hoe-kom al die mense dan so bly is op Kers-dag.

Va-der Kris-mis loop dan al da-e lank o-rals rond en hoor watter kin-ders leer mooi hulle lessies in die skool en watter kin-ders is lui. Ook kom hy na julle hui-se om van julle Mammies te hoor of julle al-mal soet klein seun-tjies en dog-ter-tjies is.

Een dag was daar twee klein kin-der-tjies, Bettie en Ja-pie. Hulle het nog nooit vir Va-der Kris-mis ge-sien nie.

„Bettie," sê Ja-pie, „hoe sal dit wees as ons twee van-aand as ons ons kou-sies op-ge-hang het wakker bly? Ons sal hier by ons kou-sies gaan sit. As hy dan kom om ons kou-sies vol te maak kyk ons goed of sy baard mooi wit is en sy jas rooi, soos Mammie vir ons ver-tel het."

Die aand is die twee-tjies glad nie vaak nie. In hulle nag-kleer-tjies sit hulle naas die bed-jies waar die kou-sies aan hang.

Hulle speel heel saggies met hulle speel-goed-jies want Mammie mag nie hoor dat hulle nog nie slaap nie.

„Ag, Bettie," sê Ja-pie, „ek wens Va-der Kris-mis kom nou. Kyk na daar-die hor-lo-sie. Net nou was die lang wys-ter on-der aan die hor-lo-sie. Hy het nou al die he-le hor-lo-sie rond-ge-loop en nou is hy al weer on-der by die ses.

Ek won-der hoe laat dit is?

„Ja-pie," sê Bettie, „ek kan sien jy is nog maar klein. Dit duur nog bai-e bai-e lank voor hy kom. Hy wag al-tyd tot al die mense en kin-ders slaap."

Hulle sit weer so 'n rukkie en al-twee be-gin te gaap. „O, o, o, Va-der Kris-mis kom tog gou," klink die va-ke-ri-ge stemme-tjies van die kin-ders.

Die o-ë word al klei-ner en klei-ner. Die koppies be-gin te hang. Ja-pie sê, „Bettie, ek sal hier 'n bie-tjie op die grond gaan lê. Ek sal nie slaap nie, as hy hom sal ek kom da-de-lik hoor."

Ja-pie het skaars klaar ge-praat of hij is vas aan die slaap. Bettie leun haar koppie teen die bedjie en na 'n paar mi-nu-te is ook sy aan die slaap.

Daar word heel saggies en ver-sig-tig die deur oop-ge-draai. Va-der Kris-mis kyk na binne en sien die twee sla-pen-de kin-der-tjies.



Hy kan niet help om te lag nie. Hy sien die kou-sies en be-gin hulle vol pak.
Ver-skei-e goed-jies wat Ja-pie so graag wil hê is nou in sy kou-sie.
Bettie se kou-sie lyk al te snaaks, want o-rals sien jy dik knoppe as of daar taam-li-ke groot goed-jies in is.
„Ja" lag Va-der Kris-mis, „nou kan ek waar-lik niks meer in daar-die kou-sies sit nie. Hulle is so vol dat ek nie eers meer lekker-goed-jies daar-in kan pak nie."
Daar klink 'n fijn klein stemme-tjie. „Jy ver-gis jou Va-der Kris-mis, ek kan nog iets in daar-die kou-sies sit."
Dis 'n klein mui-sie wat praat.
„Jy klein mui-sie, nou is jy ver-keerd," sê Va-der Kris-mis. As ek daar niks meer kan in kry nie sal jy dit se-ker nie kan doen nie."
„Ag, Va-der Kris-mis," sê die mui-sie, „ek sê vir jou, ek klein mui-sie, is slimmer as jy. Ek kan nog iets in daar-die kou-sies sit."
Va-der Kris-mis word 'n bie-tjie kwaad, en sê, „nee mui-sie, dis on-moont-lik."
„Sal Va-der Kris-mis my 'n lekker stukkie kaas gee as ek vir hom wys wat ek kan doen?" vra die mui-sie.
„Ja, dis goed," sê Va-der Kris-mis, „wys maar vir my wat jy kan doen."
Gou-gou klim die mui-sie op die bed-jies en op Ja-pie se kous. Hy be-gin daar-aan te knabbel en na 'n klein rukkie is daar 'n groot gat in die kous.
„Sien jy nou Va-der Kris-mis, ek het nog iets in die kous ge-sit."
Va-der Kris-mis lag so lekker dat sy he-le lyf skud.
„Kom, mui-sie, kom saam met my. As ons hier langer bly word die kin-ders wakker. Ek moet sê jy is bai-e slim en ek sal jou met 'n groot stuk kaas be-loon vir jou slim-heid.
Jy moet my be-lo-we dat jy nie meer ga-te in kou-se ef kle-re sal maak nie."
„Dis goed, Va-der Kris-mis," sê die mui-sie, „ek sal vir my goed ge-dra."



## 'N POPPE-HOS-PI-TAAL. DEEL I.

Sa-rie het van Va-der Kris-mis 'n bai-e mooi pop ge-kry, met geel krul-haar-tjies, blou o-gies en 'n blou sy-rokkie aan.
Die eer-ste dag het sy haar pop skool-toe ge-neem en vir die juffrou en die kin-ders ge-wys. Sa-rie was nie soos an-der dog-ter-tjies nie. Sy het maar lie-wers al-tyd met seun-tjies ge-speel.
As hulle in die bo-me klim om vo-ël-nessies te soek, is Sa-rie al-tyd daar.
Dik-wels kom sy huis-toe met ga-te in haar mou-e of ga-te in haar kou-se.
„My lie-we Sa-rie," sê jaar Ma, „hoe-kom maak jy al-tyd soos die seuns maak. Kyk nou weer hier-die vuil mer-ke op jou skou-er. Vroe-ër da-e het mei-sies nie so ge-maak nie."
„Ag, Ma," sê Sa-rie, „dis al te jammer dat ek 'n mei-sie is. Ek wil lie-wers 'n jonge-tjie ge-wees het."
Sa-rie het glad ver-geet dat haar poppie wat Va-der Kris-mis vir haar ge-bring het nog in die tuin lê. Sy gaan slaap maar dink nooit om haar pop nie.
Die nag be-gin dit te reën. Dit plas-plas op die grond en op die pop. Die blou sy-rokkie is klits-nat. Die haar-tjies kleef aan die ge-siggie.
Die mooi rooi kleur-tjie is weg. As die o-ë kon ge-huil het sou hulle dit se-ker ge-doen het.
Die vol-gen-de dag toe Sa-rie in die tuin loop sien sy haar pop. Sy tel haar op, kyk vir haar en sê, „ja, pop, dis my skuld dat jy nou so le-lik is en so pap-nat. Wat sal ek nou met jou maak?

Ons moet jou maar na die poppe-hos-pi-taal stuur.
Daar sal die poppe-ver-pleeg-sters jou wel weer be-ter maak.
Sy hard-loop na haar Mammie toe. „Mammie, Mammie! kyk tog hoe le-lik en siek lyk my pop. Sal Mammie haar nie na die poppe-hos-pi-taal stuur nie?"
Sa-rie se Pappie wat el-ke dag met die trein stad-toe gaan sit die pop in sy hand-sakkie.
Hy sal vir haar weg-bring.
Toe die pop in die stad aan-kom hoor sy wel bai-e ge-raas maar sy kan nie sien nie. Sy is mos in 'n hand-sakkie. Sy voel 'n skok as of die sakkie op 'n ta-fel ge-sit word.
Daar voel sy hoe ie-mand haar op-tel. Sy kyk op en kyk in die o-ë van die poppe-dokter.
„Ja, me-neer," sê die dok-ter, „hier-die pop is bai-e siek. Dis die re-ël van hier-die hos-pi-taal dat sy eers 'n paar da-e in 'n bed-jie moet lê om be-ter te word.
Daar-na sal ons haar weer mooi aan-trek."
Sa-rie se Pappie ver-trek en die pop bly alleen ag-ter. Die nag kon sy nie slaap nie. Sy lê in 'n lekker sag-te bed-jie, warm-pies toe-ge-dek. Sy het glad nie ge-sien wie daar in die bed-jie naas haar lê nie.
Dis donker in die ka-mer en dit skyn of al die poppe slaap. In eens sien sy 'n liggie.
'n Bai-e mooi fyn pop met 'n deur-sky-nen-de rokkie aan en 'n blink-sterre-tjie op haar hoof staan in die middel van die ka-mer.
Dis die blink-sterre-tjie wat die he-le ka-mer ver-lig.
„Kom, lie-we sus-ter-tjies en broer-tjies, dis van-nag fees. Al die blink-ster-poppies wat in die huis naas hier-die hos-pi-taal woon nooi julle uit na 'n poppe-par-ty.
Trek gou julle rokkies en pakkies kle-re aan en kom saam."

# DIE POPPE-HOSPITAAL. DEEL 2.

Daar stap al die poppe ag-ter die blink-ster-poppie aan. Hulle kom in 'n groot ka-mer met bai-e liggies.
Daar is bai-e blink-ster-poppies by me-kaar.
Hulle sit in 'n kring en nooi die an-der poppe om plaas te neem. Nou kan hulle me-kaar eers mooi sien.
„Ag, jy ar-me klein ding," hoor Sa-rie se pop, „wat ma-keer jou? Kyk jou bleek vaal ge-siggie."
„Ag, poppies, as ek julle ver-tel waar-om ek hier is sal julle al-mal jammer vir my wees," sê Sa-rie se pop.
„Ver-tel, ver-tel tog asse-blief," roep al-mal.
„My Mammie, Sa-rie, het my in die tuin in die re-ën laat lê. My wange-tjies was rooi-er as rooi ro-sies, en my o-gies blou-er as die he-mel. Nou lyk ek so en nou moet ek hier in die hos-pi-taal weer be-ter ge-maak word.
'n Jonge-tjie-pop sit naas haar, aan-ge-trek soos 'n ma-tro-sie.
„Ma-tro-sie, waar-om is jy hier?" sê die an-der poppe. „My ba-sie," sê die ma-tro-sie, „het my vir sy ver-jaars-dag ge-kry. In my ly-fie was 'n veer en as hy my op-wind dans ek soos ma-tro-sies op 'n skip dans. Ek het nooit rus ge-kry nie.
Dis dans in die oggend, dans in die middag en dans in die aand. As hy aan ta-fel sit en sy kos eet moet ek toe-kyk en dans. My knie-ë het heel-te-mal stijf ge-word maar my ba-sie sien dit nie eers nie.
Een dag het hy al te ru met my ge-werk. Hy draai en draai en — „knap" daar breek my veer.
My knie-ë het ge-breek en ek kon nie meer dans nie. Nou is my knie-ë weer be-ter en as julle dit graag wil hê, sal ek vir julle wys hoe mooi ek kan dans." Al die poppies klap hulle hand-jies.
Hulle gaan staan in 'n groot kring en die ma-tro-sie staan in die middel. „Julle moet al-mal sing," sê hy, „want son-der mu-siek kan ek nie dans nie."
Daar is la-e en daar is ho-ë stemme-tjies en dit klink lief-lik. Ma-tro-sie dans vir al wat hy werd is. Hy tel sy been-tjies vinnig op en dans sy ei-e danse.
„Ei-na, ei-na," skree hy, „o, my knie-ë het weer ge-breek. O, ei-na, ei-na help tog vir my."
Hulle sit hom saggies op 'n la-e stoel-tjie.
„Kom, poppies," sê die mooi-ste blink-ster-poppie, „julle het nou ge-noeg ge-sels, ek sal julle nou wys wat my klom-pie kan maak."

Al die blink-ster-poppies het gaas-rokkies aan en gou-e kransies om hulle koppies.
Hulle buig soos groot da-mes en dans met lig-te passies al om die groot blink-ster-poppie.
Die groot-ste is hulle ko-ning-in. Die ander poppe rek hulle o-ë, nog nooit het hulle so iets moois ge-sien nie.
Daar slaan die klokkie twaalf.
„Nou, poppies, nou moet julle weer saggies na julle bed-jies gaan," sê die ko-ning-in van die blink-ster-poppies.
„Nag, nag, poppies, lekker slaap.
„Nag, ma-tro-sie, dankie vir jou dans."



'N POPPE-HOS-PI-TAAL. DEEL 3.

Die poppies het weer gou-gou in hulle bed-jies ge-klim en is vas aan die slaap.
Al-mal droom van die blink-ster-poppies met hulle gou-e kransies.
Na 'n paar da-e is Sa-rie se poppie be-ter en kom die poppe-dok-ter vir haar haal. Hy bring haar in 'n bai-e groot ka-mer waar ver-skei-e ta-fels staan.
Op die een ta-fel lê net pop-o-ë. Daar is lig-blou o-ë, donker-blou o-ë en bai-e soor-te bruin o-ë.
Op 'n an-der ta-fel lê net pop-ha-re, swart ha-re, bruin ha-re en lig-te ha-re.
Op 'n an-der ta-fel is net pop-arms en pop-be-ne. In 'n hoek staan 'n bai-e groot ta-fel met twee naai-ma-siens en bai-e bai-e mooi ge-kleur-de sy-lappies en kant-jies.
Sa-rie se pop het nog nooit so 'n ka-mer ge-sien nie. Sy word op 'n ta-fel naas 'n poppie ge-lê wat maar een oog het.
„Lie-we een-oog-poppie, sê vir my wat be-te-ken dit al-les?'
„Kan jy dit nie sien nie?" sê die poppie, „dis 'n deel van die poppe-hos-pi-taal. Mees-te poppe wat hier in die hos-pi-taal kom het 'n on-ge-luk ge-had. Die een het 'n arm of 'n been, die an-der 'n oog of sy ha-re ver-loor.
Die poppe-dok-ter met sy be-dien-des maak hulle mooi be-ter. Kyk na my een oog, sien jy hoe mooi blou my oog is? My Mammie het my an-der oog ver-loor. Die poppe-dok-ter sal nou uit al die o-ë op daar-die ta-fel 'n oog soek wat by hier-die een pas.
Ek sal weer bai-e mooi lyk as ek my nu-we oog het."

Nou ver-staan Sa-rie se pop waar-om daar so bai-e o-ë en ha-re en be-ne en arms is.
Die poppe-dok-ter neem Sa-rie haar pop in sy hand en sê : „ja poppie, die kleur van jou o-gies is heel-te-mal deur die re-ën uit-ge-was. Wag, die slag sal ek vir jou bruin o-ë gee." Toe die bruin o-ë in-ge-sit is, sê hy, „by daar-die bruin o-ë pas bruin ha-re."
Hy neem 'n pruik met bruin ha-re en pas dit vir die poppie op. „Al-te mooi sal jy lyk, pop, as jy klaar is."
Nou bring hy haar na 'n juffrou wat sit en naai by die ta-fel met sy-lappies.
„Juffrou Bont-rok trek tog vir hier-die pop 'n bai-e mooi rooi rok aan. Die rooi sal mooi pas by haar bruin o-ë en bruin ha-re."
Haar ei-e rokkies was heel-te-mal vuil want sy het in die re-ën on-der 'n boom ge-lê.
Toe pop nou heel-te-mal klaar aan-ge-trek is kry sy nog 'n paar swart skoen-tjies aan. Sy wil haar-self al te graag in die spie-ël be-kyk, maar sy kry nie kans daar-voor nie.
Sa-rie se Pa het haar weer kom haal en in die hand-sakkie huis-toe ge-dra.
Sa-rie was ver-baas om die pop te sien.
„Ma", roep sy, „dis glad 'n nu-we-pop. Die bruin o-ë is veel mooi-er as die blou o-ë.
Ek sal nou goed vir haar op-pas."

## JANNIE EN DIE SPY-KER-TJIE. DEEL I.

Jannie was 'n lie-we klein seun-tjie, maar dik-wels het hy dinge ge-doen wat sy Mammie nie goed gevind het nie.
Een dag het hy in 'n ho-ë boom ge-klim om 'n vo-ël-nessie uit te haal. Hy neem die ei-er-tjies uit die nessie en sit hulle in sy kep-sie. Heel ver-sig-tig klim hy nou al la-er en la-er tot hy weer op die grond staan. Hy hard-loop na sy Mammie toe om die mooi blou ei-er-tjies vir haar te wys.
„Ag, my lie-we ou seun-tjie," sê Mammie, „het jy nou nooit aan die vo-ël-ou-ers ge-dink nie?
Hoe groot sal hulle ver-driet wees as hulle sien dat al hulle ei-er-tjies weg is."
„Nee, Mammie," sê Jannie, „dit spyt my maar daar het ek nooit aan ge-dink nie. Wag, ek sal hulle heel ver-sig-tig weer in die nessie gaan sit."
'n Paar da-e daar-na staan daar 'n mo-tor voor die deur. Dis nie sy Pappie se ei-e mo-tor nie, dis 'n mo-tor wat hy nog nooit ge-sien het nie.
Jannie loop al om die mo-tor en kyk goed na die wie-le, die lan-terns en die en-jin.
„Wag," dink Jannie, „ek won-der of die wiel net so groot is as van my Pappie se mo-tor."
Hy maak die deur-tjie oop, klim in en gaan ag-ter die wiel sit.
Hy be-gin nou aan ver-skei-e knoppies en blink dinge-tjies te draai. Jannie wil net uit-vind hoe die mo-tor ge-maak is en hoe hy werk. Na 'n rukkie klim hy weer uit en gaan met die jong na die by-e in die tuin kyk.
Toe hy te-rug kom hoor hy die man van die mo-tor teen sy pappie sê : „nee me-neer, daar ver-staan ek niks van nie. Toe ek uit die mo-tor ge-klim het was alles reg en nou wil die ding nie loop nie."
„O," sê Jannie , „ek het 'n bie-tjie aan daar-die blink goed-jies ge-draai."
Sy Pappie was kwaad en sê, „maar Jannie, hoe-kom doen jy al-tyd dinge wat jy nie moet doen nie? Jy is nie stout nie, glad nie, maar jy doen maar al-tyd net die ver-keer-de ding."
Ar-me Jannie dink : „dis snaaks, dit lyk vir my an-der kin-ders doen nooit die ver-keer-de ding nie. Ek won-der hoe hulle al-tyd weet wat hulle wel en wat hulle nie mag doen nie."
Die nag, toe hy so lekker in sy bed-jie lê staan daar in sy ka-mer 'n klein ou vrou-tjie met 'n ho-ë punt-hoed op.
Jannie is heel ver-le-ë en durf niks sê nie.

„Jannie," sê die vrou-tjie, „jy is 'n lie-we seun-tjie maar jy doen dik-wels ver-keer-de dinge."
„O, ja," sê Jannie, „ek wens dat ek tog nie so stout was nie."
Die vrou-tjie stap na-der-by en nou sien Jannie dat sy heel oud en heel klein is.
Sy dra 'n ou-tyd-se tja-lie om haar skou-ers.
„Jannie, sê sy, „ek wil dit vir jou 'n bie-tjie mak-lik maak. Hier is 'n klein ys-ter spy-ker-tjie.
Net soos jy op die punt staan om 'n ver-keer-de ding te doen steek die ys-ter-tjie jou, om jou te waar-sku om dit nie te doen nie."
„O, dankie, lie-we vrou-tjie," sê Jannie, ek is se-ker dat hier-die spyker-tjie vir my sal help om 'n goei-e seun te word."



## JANNIE EN DIE SPY-KER-TJIE. DEEL 2.

Jannie steek die spy-ker-tjie in sy sak en dink : „Wag, ek het nou lank ge-noeg ge-slaap en ek wil nou 'n bie-tjie op die ri-vier gaan roei."
Hy stap ri-vier toe, sien die roei-skuit-jie en wil in-klim. Sy een been is al am-per in die skuit, maar wat is dit? „Ei-na," skree Jannie, „wie steek my in my been?"
Op-eens dink hy weer aan die spy-ker-tjie in sy sak. „O, dankie spy-ker-tjie dat jy my ge-waar-sku het, want ek het nooit daar-oor ge-dink nie. Die ri-vier is diep en ge-vaar-lik en Pappie wil nie hê dat ek alleen op die ri-vier gaan nie."
Jannie stap weer so 'n ent-jie deur en daar sien hy 'n snaak-se ou gogga op die pad kruip. Hy wil sy been op-tel om die gogga dood te trap.
„Ei-na, ei-na, tog," skree hy, „wie durf my so in my been steek? Daar val dit hom by dat dit die ou spy-ker-tjie is wat hy in sy sak dra. „O, dankie tog, spy-ker-tjie dat jy my ge-waar-sku het. Dis wreed om gogga-tjies wat nie kwaad doen nie dood te maak.
Hoe kan ek so dom wees. Ek weet mos dat gogga-tjies ook van die mooi son-lig hou."
Jannie stap nou maar huis-toe. In die kom-buis sien hy die meid be-sig met vuur op-maak. Hy neem 'n tak en wil hom in die vuur steek.
Hy sien daar is nie meer plek vir meer hout nie. As hy die tak tog in-steek sal an-der takkies uit val bo op die meid haar kaal voe-te.

Net toe hy na-by die stoof kom, skree hy, „ei-na, ei-na, is dit jy Miem wat in my hand ge-steek het?"
„Nee, klein-baas, niks het vir klein-baas ge-steek nie."
„Wag," dink Jannie, „dis weer my ou waar-sku-spy-ker-tjie."
„Dankie ou spy-ker-tjie, jy het my al weer ge-waar-sku."
Jannie voel nou so vro-lik en ge-lukkig want nou sal hy nooit weer die ver-keer-de ding kan doen nie. Die spy-ker-tjie sal al-tyd vir hom waar-sku.
Daar hoor hy: „Jannie! Jannie! hoek-om is jy so lui van-dag? Die son staan al hoog en hier lê jy nog in jou bed-jie. Die koei-e is al ge-melk al.
Gis-ter het jy be-lo-we om die per-de te help in-span. Die tui-e het klaar ge-lê, maar jy was nie daar nie."
Jannie gaan reg-op sit in sy bed-jie. Hy wryf sy o-ë en dink; maar wat het met my ge-beur."
Wag, ek weet! Ek het die snaak-se spy-ker-tjie ge-kry wat my el-ke slag seer maak as ek 'n ver-keer-de ding doen.
Hy spring uit sy bed-jie uit en soek o-rals na die spy-ker-tjie, maar hy kan dit nê-rens kry nie.
„Wag," sê Jannie, „nou weet ek, ek het maar net ge-droom en daar is nooit so'n spy-ker-tjie nie.
Tog sal ek dit nie ver-geet nie, want ek sou al te graag so'n spy-ker-tjie wil hê."
Toe Jannie die vol-gen-de dag weer 'n ver-keer-de ding wou doen hoor hy binne in sy hart-jie 'n klein stemme-tjie sê: „dink aan die spy-ker-tjie Jannie." Dis net of hy die steek van die spyker-tjie voel. El-ke slag het die ge-dag-te aan die spy-ker-tjie Jannie ge-help en hy het nie alleen 'n lie-we maar ook 'n op-passen-de seun ge-word.



## 'N FLUK-SE DOG-TER. DEEL I.

Wy-nand het een aand met sy Pa langs die strand ge-loop toe hy 'n groot lig daar ver in die see sien.
„Pappie, sien Pappie daar-die lig? Net-nou het ek dit ge-sien maar nou is dit weg.
O, daar is die lig weer. Is dit 'n ster, Pappie?
Dit moet se-ker 'n snaak-se ster wees want die mees-te sterre maak nie el-ke slag hulle liggies dood nie."
„Nee, Wy-nand," sê sy Pappie, „dis 'n vuur-to-ring.
Soos jy weet kom hier na-by die kus bai-e groot ske-pe wat van an-der lan-de kom. Die kap-teins van daar-die ske-pe weet nie dat daar groot rot-se in die see is nie.
As die ske-pe nou te na-by die rot-se kom, loop hulle die ge-vaar om deur die sterk bran-ders teen die rot-se ge-slaan te word.
Die rot-se sal ga-te in die ske-pe stamp en dan sal die wa-ter in-kom.
As daar wa-ter in 'n skip kom sink die skip in die diep-te en die ar-me mense wat op so'n skip is sal dan ver-drink.
Bai-e knap mense het toe ge-dink en ge-dink wat hulle kan doen om die kap-teins van daar-die ske-pe te waar-sku.
Hulle het 'n groot to-ring ge-bou in die see na-by die rot-se. Bo in die to-ring het hulle 'n bai-e groot lamp ge-sit. As dit donker word, word die lamp aan-ge-steek.
Die kap-tein van die ske-pe weet dan dat daar 'n ge-vaar-li-ke plek vol rot-se is en dat hulle nie na-by moet kom nie."
„Maar, Pa," sê Wy-nand, „hoe-kom gaan die groot lig dan el-ke slag uit?"



---

NUWE MOEILIKHEID.
Woorde soos sô-re, mô-re.
*Sien die handleiding.*

„Soos jy sien, Wy-nand, is hier bai-e liggies langs die kus. As die vuur-to-ring se lig nou al-tyd aan-bly soos hier-die liggies kan die kap-teins nie sien watter lig die vuur-to-ring s'n is nie.
Hulle sal dan nie weet waar die rot-se is nie en bai-e on-ge-lukke sal ge-beur."
Wy-nand dink so'n rukkie na. Hij ver-staan nou mooi waar-om daar so 'n vuur-to-ring met 'n lig moet wees.
„Maar Pappie," sê hy, „wie moet el-ke aand daar-die lig aan-steek?"
„Bo in daar-die vuur-to-ring," sê sy Pappie, „woon die vuur-to-ring-wag-ter. Hy moet vir die lig sô-re. El-ke aand moet hy die lig aan-steek en el-ke mô-re moet hy dit weer dood-maak.
Dis 'n bai-e een-sa-me le-we daar in die vuur-to-ring. Par-ty-keer is die bran-ders hoog en slaan met groot ge-raas teen die vuur-to-ring aan.
Par-ty-keer waai die kou-e wind en val die re-ën en daar voel 'n mens dit bai-e meer as hier op die land.
Par-ty-keer is dit so warm dat 'n mens dit daar-in am-per nie kan uit-hou nie.
Tog moet die lamp el-ke aand aan-ge-steek word."

## 'N FLUK-SE DOG-TER. DEEL 2.

„Ek sal jou nou 'n sto-rie ver-tel van 'n fluk-se dog-ter.
Die dog-ter was twaalf jaar oud en sy het saam met haar Pappie en Mammie ja-re lank in daar-die vuur-to-ring ge-woon.
Sy kon nie skool-toe kom nie want die af-stand is te groot. Dit ge-beur ook heel dik-wels dat die bran-ders te hoog en die see te on-stui-mig is om 'n boot-jie na die vuur-to-ring te stuur.
Haar Mammie het haar ge-leer as haar Pappie be-sig is met die skoon-maak van daar-die groot lamp. Dis 'n wer-kie wat al-dag moet ge-beur, want daar mag nooit iets aan die lig ma-keer nie."
„Maar, Pappie, waar koop hulle dan hulle brood en groen-te en an-der kos?"
„Elke veer-tien da-e ry die vuur-to-ring-wag-ter in sy klein skuit-jie na die land en koop alles wat hulle no-dig het.
Een dag kom haar Pappie te-rug met 'n te-le-gram vir haar Mammie.
Haar Mammie moes da-de-lik na haar siek sus-ter gaan.
Haar Pappie roei toe haar Mammie na die land en keer weer te-rug na sy dog-ter-tjie.
Daar is die twee-tjies nou alleen.
Saam sit hulle in die ka-mer en kyk uit oor die groot groot see.
Daar is niks an-ders as wa-ter te sien nie.
Annie, die dog-ter-tjie gaan haar lesse leer en haar Pappie klim na die hoog-ste deel van die to-ring waar die lamp staan.
Dis 'n bai-e steil leer wat hy moet op-klim.
Op-eens hoor Annie 'n ge-dreun en 'n val.
Haar Pappie se voet het uit-ge-gly en hy het van die leer af-ge-val.
Hy kreun van pyn en kan hom nie be-we-ë nie.
Annie kom aan-ge-hard-loop en daar vind sy haar ar-me Pappie.
Sy help hom om op te kom en lei hom na sy bed.
Sy been is af. Daar lê hy nou op die bed en kan hom nie ver-roer nie.
Eers het hulle nie aan die lamp ge-dink nie. Die vuur-to-ring-wag-ter het so bai-e pyn dat hy glad ver-geet waar hy is.
Dit word al la-ter en la-ter.
Op-eens skrik Annie, „o" dink sy, „die lamp is nog nie aan-ge-steek nie en Pappie kan dit nie doen nie. O, o, wat moet ek nou maak? Ons twee is maar hier alleen en daar is nie-mand wat kan kom help nie. As die lig van-aand nie brand nie is bai-e ske-pe in ge-vaar."
Annie dink, stil-sit sal nie help nie. Ek sal maar self moet pro-beer om die lig aan-te-steek."
Sy klim op die steil leer en kom bo in die ka-mer waar die groot lamp staan.

„O," sê sy, „hoe sal ek dit ooit reg-kry.
Die lamp is so hoog. Ag, mag die Heer my tog die krag gee om die lig aan-te-steek."
Sy pro-beer en pro-beer en sy kry dit reg.
Daar brand die lig net so mooi soos al-tyd.
„Dankie lie-we Heer," sê Annie, „nou weet ek dat alles reg is. Nou weet ek dat die ske-pe nie in ge-vaar is nie."
Die volgen-de dag het haar Mammie te-rug ge-kom. Toe sy haar ar-me siek man sien stuur sy gou die mans met die skuit-jie weer te-rug na die land om die dok-ter te haal.
Annie se ou-ers was al-bei bai-e trots op hulle dog-ter dat sy so goed haar plig ge-doen het en so moe-dig ge-wees het."

## 'N PRAAT-JIE OOR HOLLAND. DEEL I.

Bai-e van ons Ou-pa's of Groot-jies het van Holland of Enge-land of Frank-ryk ge-kom. Ons het dit se-ker al ge-hoor nê?
Ons weet ook al dat die lan-de heel-te-mal an-ders is as ons land, Suid-A-fri-ka.
As dit hier so-mer is is dit in daar-die lan-de win-ter en as dit hier win-ter is, is dit daar weer so-mer.
Wie van julle wil graag hoor, hoe die kin-der-tjies in Holland le-we? Ek dink se-ker al-mal.
Sa-rel se Tan-te het laas-te week van Holland ge-kom en sy het be-lo-we om een ag-ter-middag al die skool-kinders by haar te nooi. Hulle mag dan net so-veel vra-e vra as hulle maar wil.
Toe Sa-rel dit vir die juffrou en die stan-daard I kin-ders ver-tel is al-mal bai-e gre-tig om kennis te maak met Sa-rel se Tan-te.
„Nou kin-ders," sê die juffrou, „ons moet dan maar hier-die week bai-e ons bes doen, dan gaan ons al-mal Sa-ter-dag-middag na Sa-rel se Holland-se Tan-te.
Toe Sa-ter-dag-middag kom stap die klein-span na Sa-rel se huis. Die Tan-te wag al vir hulle on-der die mooi ho-ë bo-me in die tuin.
„Nou kin-ders," sê sy, „sit nou al-mal rond-om my hier op die gras."
„Sa-rel wat wil jy graag van Holland weet?" vra Tan-te.
„Ek wil weet," sê Sa-rel, „of Tan-te toe Tan-te nog 'n dog-ter-tjie was, ook sul-ke snaak-se kle-re ge-dra het. Ek het al op 'n prent-jie ge-sien dat die dog-ter-tjies klom-pies dra, lang rokkies het en wit kappies wat so aan die kan-te op-krul op hulle koppies?"
„Ja kin-ders," sê Tan-te, „dis 'n goei-e vraag.
Nee, Sa-rel, Tan-te het groot ge-word in 'n groot stad en daar dra die mense nie wit kappies en klom-pies nie. Daar dra al-mal kle-re net soos ons hier."
„Maar Tan-te," sê Sa-rel, „ek het dit tog op 'n prent-jie ge-sien."
„Ja, Sa-rel, dis reg," sê Tan-te, „par-ty-keer word die soort kle-re ge-dra deur mense wat op die platte-land woon. Moe-nie dink dat al die mense op die platte-land net een soort kappie dra nie. Nee, glad nie.
Die kappies wat in die noor-de van Holland ge-dra word is glad an-ders as wat die vrou-ens in die sui-de dra.
Daar is 'n paar ei-lan-de en daar dra die vrou-ens weer heel-te-mal an-der kappies.
Om 'n kappie te kan dra word eers die ha-re af-ge-knip. Dan sit hulle daar-oor 'n swart kappie wat net om die hoof pas.
Daar-oor dra hulle 'n soort van gou-e helm.

Die helm sluit nie heel-te-mal om die hoof nie, maar be-staan uit twee ron-de stukke wat weers-kan-te op die hoof ge-lê word.
Daar-oor dra hulle dan 'n bai-e mooi wit kant kappie wat pre-sies om die hoof sluit.
Die goud van die helm skyn dan so mooi deur. Ag-ter aan die kappie is lang fijn kant wat af-hang oor die nek tot am-per oor die skou-ers. Dis mooi ge-plooi en stijf ge-stryk.
Aan el-ke kant van die voor-hoof steek die vrou-ens 'n bre-ë gou-e speld en op die voor-hoof lê hulle 'n prag-ti-ge sil-wer ver-sier-sel wat die fat-soen het van 'n bors-speld.
Daar-in sit bai-e di-a-man-te.
Aan die voe-te dra hulle nie klom-pe nie maar swart leer skoe-ne met groot sil-wer ges-pes op.
Die vrou-ens dra mooi sy-rokke, par-ty-keer grys, par-ty-keer swart met 'n prag-ti-ge klein kant tja-lie oor die skou-ers.
Die voor-skoot-jie is ook van fijn wit kant. Aan die band hang hulle dan 'n swart flu-weel sakkie met 'n sil-wer slui-ting."
„Tan-te," sê Sa-rel, „dit lyk se-ker bai-e mooi, nê en is se-ker bai-e duur."
„Ja," sê Tan-te, „par-ty moet bai-e lank spaar om so 'n mooi uit-rus-ting te kan koop."

„In die sui-de van Holland, lyk die kle-re weer heel-te-maal an-ders. Daar dra die vrou-ens lang swart rokke met swart sy voor-skoot-jies. Om hulle nekke dra hulle bloed-rooi kra-le vier of vyf ry-e so bo-mekaar en styf om die nek ge-draai. Die kra-le is vas-ge-maak met 'n soort gou-e bors-speld.
Om die nek en reg van voor op die ly-fie dra hulle 'n lappie geblom-de goed. Dit steek bai-e mooi teen die swart rok af.
Op die hoof dra hulle bai-e groot wit kappies wat uit-staan soos twee wit vler-ke.
Par-ty-keer is die vler-ke vier-kan-tig en par-ty-keer rond. Daaraan kan 'n mens sien aan watter kerk so 'n vrou of mei-sie be-hoor. Hulle dra kort mou-e in hulle rokke en swart leer skoe-ne met groot sil-wer ges-pes op.
Die mans dra swart kle-re. Aan die baad-jies is sil-wer kno-pe. Ek het al kno-pe ge-sien wat bai-e gro-ter is as 'n half-kroon.
Op die ei-land Mar-ken dra die mans en vrou-ens klom-pe. Julle weet 'n klomp is 'n soort hout skoen.
Die vrou-ens dra weer glad an-der kappies. Aan el-ke kant van die voor-hoof hang een lang krul on-der die kappie uit. Op hulle voor-hoof dra hulle 'n ry kort ge-knip-te ha-re wat lyk soos frai-ings. Teens-woor-dig sien 'n mens nie meer bai-e van daar-die mooi aan-ge-trek-te mense nie.
Nou kin-ders ont-hou nou goed. In die groot plekke dra al-mal ge-wo-ne kle-re net soos ons hier in Suid-A-fri-ka. Alleen op 'n paar plekke op die platte-land sien jy die kle-re wat julle al op prentjies ge-sien het."
„En Tan-te," vra nou klein Annie, „maak die hout klom-pe die voet-jies bai-e seer?"
„Nee, Annie, glad nie. As jy een-maal aan klom-pies ge-woon is voel jy nie meer dat hulle so hard is nie." sê Tan-te.
„Hulle gaan se-ker nooit stukkend nie, nê Tan-te," sê Annie weer.
„Moe-nie glo nie," sê Tan-te, „hulle breek taam-lik gou. As jy daar 'n paar we-ke op ge-loop het kom daar groot ga-te in net soos in ons skoen-so-le."
„Tan-te is die klom-pies duur?"
„Nee, Annie," sê Tan-te, „klein klom-pies vir kin-der-tjies van vyf en ses jaar kos nie meer as vyf of ses pennies nie. Groot klom-pe is na-tuur-lik duur-der, maar tog bai-e bai-e goed-ko-per as skoe-ne."
„Tan-te," vra nou Ko-sie, „maak die klom-pe nie gou die kou-se stukkend nie?"

„Ja, Ko-sie, dit ge-beur maar al te gou. Ek het ge-sien dat mense, eers 'n paar ge-wone sokkies aan-trek en daar-oor sokkies wat eint-lik alleen maar voe-te het. Hulle kom nie ho-ër as die enkels nie. Dis warm en hou langer as net een paar sokkies. In die win-ter steek hulle par-ty-keer 'n bie-tjie hooi in die klom-pe. Dit hou die voe-te lekker warm."

„Is daar ook bruin-mense en kaffers, Tan-te?" vra Hansie.
„Nee, kin-ders," sê Tan-te, „daar is net wit-mense."
„Maar wie werk dan in die kom-buis?" vra Hansie weer.
„Al die werk" sê Tan-te, „of dit in die kom-buis of in die huis is, op die land of in watter plek ook word deur wit-mense ge-daan. Werk is nie skan-de nie, alleen lui wees en stil-sit is skan-de."
„Tan-te," vra Mar-ti-nus, „is dit bai-e koud in Holland in die win-ter?"
„Ja, Mar-ti-nus," sê Tan-te, „mees-al waai dan die kou-e guur wind. Dan be-gin die sneeu uit die lug te val net soos veer-tjies. Julle het al van sneeu ge-lees al.
Dan sit die kin-ders voor die ven-sters en kyk en kyk en is bai-e bly. Soms lê die sneeu op die stra-te en hui-se soos 'n wit kom-bers. Die kom-bers is par-ty-keer so dik dat as jy daar-op loop dan sak jou voe-te daar heel-te-mal in.
Dan speel die kin-ders daar-in en gooi me-kaar met sneeu-balle. As dit nog kou-er word be-gin die sneeu styf en hard te word. Dan kom die kin-ders met hulle slee-tjies en trek me-kaar oor die sneeu voort."
„Tan-te," vra Mar-ti-nus weer, „is daar wie-le on-der daar-die slee-tjies?"
„Nee, Mar-ti-nus," sê Tan-te, „wie-le wil nie mooi draai op sneeu nie. Hulle sak te diep in. On-der die slee-tjies is twee plat ys-ters wat so lekker oor die sneeu gly.
As dit nog kou-er word kom daar ys op die wa-ter."
„Tan-te" vra Ma-ri-a, „kan 'n mens op die ys loop?"
„Ja, Ma-ri-a," sê Tan-te, „die ys lyk net soos 'n vloer, hard en sterk, maar bai-e glad. Jy moet baie ver-sig-tig loop an-ders val jy.
Die vloer is so sterk dat dit bai-e mense en kin-ders kan dra. Ek het al wa-ens en per-de-karre op die ys ge-sien."
„En Tan-te," vra 'n klein seun-tje, „wat maak 'n mens op die ys?"
„O," sê Tan-te, „die ys is die lekker-ste plek in die win-ter. Dan rij die mense skaat-se.
Hulle bind aan el-ke voet 'n skaats.
'n Skaats lyk bai-e na 'n hout plankie met 'n bre-ë en 'n smal deel. Die skoen pas pre-sies op die bre-ë deel. Die smal deel steek voor by die skoen uit en krul so 'n bie-tjie na boon-toe om.
Bre-ër as die skoen mag die plankie nooit wees nie.
On-der die plankie is 'n dun ys-ter wat 'n bie-tjie bre-ër is as 'n mes

en om-trent 'n hal-we duim hoog. Die ys-ter is net so lank as die skaats.
Ons kan self sien hoe dit lyk. Hier is 'n plankie en hier is 'n mes. Ek sit nou die plankie bo op die mes en druk die mes 'n bie-tjie in."
„Maar Tan-te," sê A-dri-aan, „hoe kan 'n mens nou op so 'n smal stukkie ys-ter staan?"
Tan-te lag lekker en sê : „A-dri-aan, jy dink reg-tig goed. Dis ook bai-e moei-lik.
Die kin-der-tjies in Holland leer al skaats-ry als hulle nog bai-e jonk is.
Ek het dit al ge-leer toe ek nog maar ses jaar oud was.
Moe-nie glo dat as jy vir die eer-ste keer skaat-se aan het, dat jy daar-mee op die ys kan staan nie. Jy val en val tot jou he-le lyf seer is, want die ys is bai-e bai-e hard."

„Tan-te," vra Sannie, „hoe bly die skaat-se aan 'n mens se voe-te vas sit?"
„O," sê Tan-te, „aan die skaat-se is voor-aan twee leer riem-pies wat aan weers-kan-te oor jou to-ne ge-trek word. Ag-ter aan die skaats is weer 'n riem-pie wat jy bo-oor jou hak-skeen trek.
In die riem-pies is gaat-jies en daar-deur trek 'n mens sterk bre-ë, mees-al o-ran-je-ge-kleur-de ban-de. Die ban-de bind jy styf om jou en-kels vas en die skaat-se kan dan nie af-val nie.
Dis glad nie ge-mak-lik om te leer skaats-ry nie.
Pappies en Mammies het nie al-tyd tyd om hulle kin-ders so lank te help en vas te hou tot hulle kan ry nie.
Hulle gee dan die kin-ders 'n stoel-tjie om aan vas te hou. Dis 'n snaak-se ge-sig om die kin-ders te sien stoel-tjies rond-stoot oor die ys. Die voet-jies gly uit en al is daar die stoel-tjie om aan vas te hou, is dit dik-wels val en stoot en stamp.
As jy nou mooi op die ys-ters kan staan son-der val pro-beer jy om eers op die een been dan op die an-der been 'n bie-tjie te gly.
Skaats-ry is nie loop nie dis net gly. Net soos jy voel dat jy kan gly wil jy nie meer 'n stoel-tjie hê nie. Jy pro-beer daar son-der klaar kom.
Ag, kin-ders dis al te lekker. As jy goed kan ry, vlie jy oor die ys soos die wind.
Par-ty mense kan gou-er ry op die skaat-se as op die fiets, snaaks, nê?"
„En Tan-te, brand daar ook kaggels in die sko-le as dit koud is?" vra Annie weer.
„O ja, die kaggels brand dag en nag deur.
As die kin-der-tjies in die mô-re skool-toe kom, is die klas-ka-mers en die gange al lekker ver-warm."
„Wat maak die kin-ders in die skool Tan-te?" vra Pie-ter.
„Wat dink julle?" vra Tan-te.
„Ons weet nie Tan-te" sê Ko-sie, „ons vra maar."
„Die kin-ders," sê Tan-te, „moet pre-sies die-self-de goed-jies leer soos julle.
Hulle moet somme maak, lees-lessies lees en skry-we op lei-e en boe-ke."
„Speel die kin-ders daar ook met klei, Tan-te?" wil Ja-pie weet.
„Ja, Ja-pie," sê Tan-te, „net soos julle.
Hulle is ook bai-e lief daar-voor en maak ook hond-jies en manne-tjies en ver-skei-e an-der goed-jies, net soos ons kin-ders hier."
„Tan-te, vra Fa-nie, „lyk die kin-ders daar net soos ons?"
„Ja, Fa-nie," sê Tan-te, „hulle lyk pre-sies e-ners. Hulle ha-re



NUWE MOEILIKHEID.
Woorde soos: lawwe, strawwe, growwe.
*Sien die handleiding.*

en o-ë en ge-siggies is net soos julle s'n. Hulle is soet en hulle is stout net soos julle.
Par-ty pla hulle maat-jies en par-ty kan nie hulle somme reg kry nie. Al die kin-ders oor die he-le wê-reld is net e-ners.
Dit maak nie saak of hulle in Enge-land of Holland of Duits-land of Suid-A-fri-ka of 'n watter land ook ge-bo-re is nie.
Kin-ders is kin-ders."
„Tan-te," vra Tie-nie, „kom Va-der Kris-mis ook in Holland?"
„Wag, kin-ders," sê Tan-te, „dis nou ge-noeg vir van-dag. Vol-gen-de Sa-ter-dag mag julle weer kom. Dan ver-tel ek van die Holland-se Va-der Kris-mis wat Sin-ter-klaas ge-noem word."



## MA-NIE SE KA-NA-RIE.

Toe Ma-nie nog klein was, het sy ou-ers op 'n dorp ge-woon. Die huis was nie te groot nie, maar daar was 'n baie- mooi tuin by die huis. In die oggend as Ma-nie nog in sy bed-jie lê kon hy die vo-ël-tjies in die bo-me hoor fluit en sing. Dik-wels het hy daar-na gelê en luister.

Hy het bai-e van vo-ël-tjies ge-hou.

Een-dag het sy Ma vir hom 'n ka-na-rie in 'n kou-tjie ge-gee. Ma-nie het hom so'n paar da-e daar ge-hou.

Hy sien dat die mooi geel ka-na-rie sy vro-lik-heid ver-loor. Dit lyk of hy treur en glad ver-geet om te sing.

„Ek weet," sê Ma-nie, „die lie-we Heer het die vo-ël-tjies nie ge-maak om in kou-tjies te woon nie. Ek sal die kou-tjie oop-maak en sien wat my ka-na-rie gaan maak."

Die vo-ël-tjie rek sy nekkie uit. Hy kan sy o-ë nie glo nie as hy sien dat hy weg mag vlie. Eers is hy 'n bie-tjie ver-le-ë en weet nie wat om daar-van te dink nie.

Daar klink Ma-nie se stemme-tjie. „My mooi geel vo-ël-tjie, ek wil jou nie ge-vang hou nie. Sprei maar jou vler-kies uit en vlie maar daar in die bo-me."

Die ka-na-rie steek sy vler-kies ver-sig-tig uit en vlie weg. Toe hy bui-te kom, vlie hy al ho-ër en ho-ër tot hy hoog in die boom sit. Hoor hoe mooi klink sy lied-jies. „Dankie ou Ma-nie, dankie my seun-tjie."

Een-dag toe Ma-nie on-der 'n boom sit voel hy iets op sy skou-er. Daar sit, ja waar-lik sy ka-na-rie.

„Ag, my dier-ba-re klein vo-ël-tjie, wat is jy tog lief."
Ma-nie gee hom krummel-tjies van sy brood en die vo-ël-tjie eet uit sy hand.
Al-dag het sy ka-na-rie op sy skou-er of sy hoof of sy hand kom sit. Hulle twee was die bes-te maat-jies. Die vo-ël-tjie sing vir hom van : „tweet, tweet, tweet." Dis vo-ël-lied-jies wat hy vir hom sing.
Op 'n Maan-dag het Ma-nie ver-geefs vir sy ka-na-rie ge-wag. Al wat kom is hy.
Dins-dag weer geen ka-na-rie nie. „Wag", dink Ma-nie, „ek weet am-per se-ker dat daar on-raad is. Hy be-gin te soek in die tuin en daar kry hy sy vo-ël-tjie op die grond on-der 'n boom.
'n Kat het hom be-spring en sy een vler-kie is af. Hy lyk siek en ma-er. Ma-nie neem hom heel ver-sig-tig in sy hand-jie en dra hom ka-mer-toe.
Daar maak hy vir hom 'n sag-te bed-jie van 'n le-ë do-sie. Hy voer vir hom el-ke dag tot die vler-kie weer aan-ge-groei is.
Eers was die vler-kie nog nie heel-te-mal sterk nie. Die vo-ël-tjie vlie toe nog maar in die ka-mer rond om 'n bie-tjie te oe-fen.
Hy vlie op die ho-ë kas wat in die hoe-kie staan, of op Ma-nie se la-e stoel-tjie of op die spie-ël en sing sy mooi-ste vo-ël-lied-jies.
Na 'n paar da-e is die vler-kies weer sterk en kan jy hom weer in die ho-ë bo-me in die tuin sien sit.

## SIN-TER-KLAAS IN HOLLAND.

Die vol-gen-de Sa-ter-dag het aan-ge-breek en al die kin-ders luis-ter weer na Sa-rel se Tante.

„Sin-ter-klaas was 'n ou Bis-kop wat in Span-je ge-woon het.

Dit is al bai-e bai-e lank ge-le-de wat hy ge-le-we het. Hy was 'n goei-e ou man ge-wees.

As 5 De-sem-ber, sy ver-jaars-dag kom, gaan hy met sy swart be-dien-de op reis na Holland.

Hy neem dan 'n groot sak pre-sen-tjies saam vir die kin-ders wat soet was en op skool mooi ge-leer het. Die stout kin-ders kry 'n be-sem en daar-mee moet hulle Mammies en hulle Pappies hulle 'n def-ti-ge pak gee.

Sin-ter-klaas het al-tyd sy skimmel-perd saam ge-neem. Hy ry nie deur die stra-te nie. Nee, glad nie. Op sy skimmel-perd ry hy oor die dakke van die hui-se.

Sy be-dien-de, wie se naam Piet is, kyk dan in die skoor-ste-ne na be-ne-de en loer in die ka-mers na die kin-ders.

Hy moet vir sy baas Sin-ter-klaas ver-tel watter kin-ders mooi hulle lesse leer en watter kin-ders lui is.

Sin-ter-klaas dra 'n lang rooi jas wat nie mou-e in het nie, maar wat los oor sy skou-ers hang. Daar-on-der dra hy 'n wit baad-jie met lang mou-e. Aan die mou-e is lang kan-te wat oor sy han-de val. Op sy hoof dra hy nie 'n hoed nie, maar 'n ho-ë, gou-e kep-sie met 'n groot kruis daar-op.

Hy was 'n bai-e ou man. Sy lang wit baard het oor sy baad-jie ge-hang.

Piet, sy swart be-dien-de, dra 'n lief-li-ke pakkie kle-re. Op sy hoof dra hy 'n soort kep-sie met 'n lang vol-struis-veer.

Hulle moet 'n he-le paar da-e op 'n boot ry voor hulle in Holland aan-kom.

Die Holland-se kin-der-tjies is in daar-die tyd so gre-tig om hom te sien.

Toe Tan-te nog 'n klein dog-ter-tjie was het sy al-tyd met haar Mammie gaan kyk of die skip van Sin-ter-klaas aan-kom.

Sin-ter-klaas staan dan bo op die dek met sy mooi jas en waai met sy hand.

Sy ge-trou-e skimmel-perd-jie is ook al-tyd daar. Swart Piet neem dan sy kep-sie af en waai daar-mee vir al wat hy werd is.

Die kin-ders leer in die sko-le ook mooi lied-jies want as Sin-ter-klaas daar by hulle kom, wil hy hulle hoor sing.

Een van die lied-jies is :

Sien daar kom die stoom-boot
Uit Span-je weer aan.
Hy bring vir ons Sin-ter-klaas
Ek sien hom al staan.
Hoe spring tog sy perd-jie
Die dek op en neer.
Hoe waai die swart Pie-ter,
Sy kep-sie heen en weer."

## SINTER-KLAAS IN HOLLAND. DEEL 2.

As dit donker is ry hulle oor die dakke van die hui-se.
Die kin-ders sit dan hulle skoen-tjies on-der die skoor-steen met 'n stukkie brood of 'n bie-tjie hooi daar-in.
Dis vir die perd-jie want hy word moeg en honge-rig om so oor die dakke te ry.
Een-dag het hy in 'n skool ge-kom. Al die kin-ders staan klaar in die saal.
Sin-ter-klaas het sy perd-jie bui-te laat staan, want al kan sy perd-jie oor dakke ry, kan hy nie in die skool kom nie.
Sin-ter-klaas gaan toe sit op 'n ho-ë troon wat die juffrou-e en die kin-ders vir hom ge-maak het.
„Kin-ders," sê hy, „toe ek gis-ter-mô-re hier op die dak ge-ry het en deur die skoor-steen ge-kyk het, het ek julle so mooi hoor sing. Sal julle tog asse-blief daar-die lied-jie nog 'n slaggie sing?"
„Ja, Sin-ter-klaas; ja, Sin-ter-klaas," roep al-mal. Hulle sing:

Soet-jies gaan die per-de-voet-jies,
Trippel, trappel, trippel, trap.
Dis die perd van Sin-ter-kla-sie
Trippel, trappel, trippel, trap.
Skimmel-tjie dra met ge-mak
Sin-ter-kla-sie oor die dak.

„Dis bai-e mooi," sê Sin-ter-klaas.
Hy kyk na die skoor-steen en roep:
„Piet, het jy dit ge-hoor?"
Daar val 'n re-ën van lekker-goed-jies uit die skoor-steen. Dis Piet wat dit gooi.
„Tel maar op kin-ders," sê Sin-ter-klaas, „dis vir julle." Dis 'n pret.
Na 'n rukkie stap Piet die saal in. Op sy rug dra hy 'n swaar sak.
Hy sê met sy growwe stem: „Julle het mooi ge-sing kin-ders. Ek het alles bo op die dak kon hoor."
„Piet," sê Sin-ter-klaas, „waar is die brief wat die Prin-si-paal van die skool vir my ge-stuur het?"
Daar-in is twee lys-te. Op die een lys staan al die soet kin-ders en op die an-der lys al die stout lawwe kin-ders wat ge-du-ren-de die jaar nie hulle bes ge-doen het nie.
Die lys van die soet kin-ders is bai-e lank en die an-der lys is gelukkig maar kort.
Sin-ter-klaas roep nou een-een se na-me uit en Piet gee vir elk-een uit die groot sak 'n mooi pre-sent-jie.

„Tan-te, het Tan-te al 'n be-sem ge-kry in plaas van 'n pre-sent-jie ?" vra Sa-rel.

„Nee, Sa-rel, dit ver-tel ek julle nie, daar moet julle maar na raai." sê Tan-te.

## OP DIE PLAAS.

Hennie en sy sussie Hes-ter het een dag toe dit va-kan-sie was, op die plaas van hulle Oom en Tan-te gaan kui-er.
Hulle woon in 'n groot stad en nog nooit was hulle op 'n plaas ge-wees nie.
Eers moes hulle twee da-e en nag-te in 'n trein ry. Die snaaks-ste vir hulle was dat jy ook in die trein kan slaap en dat daar ook bed-jies is.
Toe hulle by die sta-sie aan-kom, staan Oom met sy kin-ders al en wag vir hulle.
Dis groet en soen en hand-gee. „Kom kin-ders," sê Oom Pie-ter, „klim maar in die kar. Ons moet gou maak want ons moet nog bai-e ver ry."
Oom klap met die sweep en daar draf die perd-jies. „Ai, Oom," sê Hennie, „watter mooi perd-jies het Oom. Mag ek nie so 'n bie-tjie die lei-sels hou nie?"
Hennie is al te trots as hy daar so def-tig met die lei-sels in sy hand sit.
Toe hulle op die plaas aan-kom, sit Tan-te al en wag vir hulle met 'n lekker maal-tyd.
„Kom kin-ders, julle sal wel honger, wees nê! kom sit maar na-der en eet van my lekker hoen-der-pas-tei."
Na die maal-tyd het al-mal 'n bie-tjie gaan rus en toe het die ne-fies en niggies Hennie en Hes-ter saam-ge-neem om die plaas te gaan sien.
„Kom kyk eers na ons koei-e," sê klein Pie-ter.

Swart-kol en haar kal-fie Wit-kol is bai-e trots dat hulle so be-won-der word.
Hes-ter durf nie na-by kom nie want sy is 'n bie-tjie bang. Sy is nie ge-woon aan koei-e nie. In die stad sien 'n mens hulle am-per nooit nie.
Nou gaan hulle na die klein ot-jies kyk.
„Ag, hoe lie-fies," sê Hes-ter, „ek het al-tyd ge-hoor dat ot-jies vuil was maar hier-die klein-tjies is so mooi lig van vel en so skoon. Ek wens ek kon so 'n ot-jie saam-neem Kaap-stad toe."
By die hoen-der-hok staan 'n groot ou haan. „Koe-ke-le-koe, koe-ke-le-koe," sê hy, „kom julle ook na my fa-mie-lie kyk?"
Die henne en kui-ken-tjies kom aan-ge-hard-loop toe klein Pie-tie 'n bie-tjie mie-lies op die grond gooi. Hes-ter wil 'n kui-ken-tjie vang, maar die goed-jies is vir haar te vinnig. Net as sy na-by kom, hard-loop hulle weg.
„Waar slaap die hoen-ders, Pie-ter?" vra Hes-ter.
„Sien jy daar-die ou do-ring-boom? Op die la-e takke is hulle slaap-plek. In die aand sit die boom vol hoen-ders en as jy dit nie weet nie sal jy dink dis bai-e groot wit blomme wat daar aan die boom groei."
„Kyk, kyk!" roep Hes-ter, „kyk watter prag-ti-ge vo-ël is dit. Kyk hoe sy stert bo sy kop uit staan. Watter mooi kleu-re het sy ve-re."
„O," sê Pie-ter, „het jy dit nog nooit ge-sien nie? Dis 'n pou. Mooi nê?"
Al die die-re was vir Hennie en Hes-ter al te mooi. Hulle kon nooit ge-noeg na hulle kyk nie.
„Kom saam Hes-ter," sê Pie-ter, „ek wil nou vir jou die vrug-te-boord gaan wys."
Hes-ter en Hennie het al bai-e vy-e en drui-we, pe-re en an-der vrug-te ge-sien.
As hulle in die winkel-ra-me in die stad kyk, lê daar al-tyd bai-e. Nog nooit het hulle die vrug-te aan die bo-me sien hang nie.
„Kyk watter snaak-se bla-re het hier-die vy-e-boom," sê Hessie, „dit lyk net soos 'n hand met vingers aan."
Hennie het 'n groot tros drui-we af-ge-pluk en eet vir al wat hy werd is.
„Laat staan nou maar daar-die vrug-te," sê Pie-ter, „ons sal weer hier te-rug kom. Ek wil julle nou an-der vrug-te wys."
Hes-ter en Hennie se o-ë rek, „watter an-der vrug-te kan 'n mens nou nog wens as wat hier groei."
Pie-ter neem hulle saam na 'n groot oop plek. Hy kyk rond en sê: „wat sien julle daar op die grond?"

Hessie hard-loop vo-ren-toe en roep, „O, kyk al die waat-le-moe-ne en die span-spekke."
Sy pro-beer 'n bai-e groot waat-le-moen op-tel maar dis ver-niet.
„Nee, so-veel vrug-te en so-veel ver-skei-e soor-te het hulle nog nooit by-me-kaar ge-sien nie.
Die heel dag was dit net speel en rond-loop tussen die die-re, en vrug-te eet.
Toe die va-kan-sie oor was moes Hes-ter en Hennie weer huis-toe gaan.
„Ag," sug hulle, „ons wens ons kon maar al-tyd hier bly. 'n Mens kan so lekker hier rond-loop. Hier is nie trems en karre en mo-tors en wa-ens nie. Jy voel as of die he-le wê-reld jou-e is.
Hier kan jy in die ri-vier swem en plas, hier kan jy vrug-te eet so-veel as jy maar wil. Ons wens ons woon ook op 'n plaas."
„Kin-ders," sê Tan-te, „ek is bly dat julle dit so ge-niet het. Vol-gen-de jaar kan julle maar weer kom."
„Bai-e dankie Tan-te," sê al-bei kin-ders, „ons wil bai-e graag weer kom.
Ons sal nou aan ons skool-maat-jies alles van die plaas-le-we ver-tel."

# 'N BRIEF AAN AL DIE STAN-DERD I KIN-DERS.

Kaapstad.
1 De-sem-ber 1928.

Lie-we kin-der-tjies,

Julle het nou al die mooi sto-ries oor die-re en blomme-tjies en an-der dinge klaar ge-lees.

Dit be-te-ken ook dat julle nou deur julle Stan-derd I werk is en dat julle graag Stan-derd II toe wil gaan, nê !

Maar voor ons stan-derd II toe gaan wil ek julle eers iets ver-tel.

Dik-wels kom ek in stan-derd I klasse en as ek dan so na die kin-der-tjies kyk word my hart bai-e swaar.

Ek voel dan so treu-rig as ek kin-der-tjies sien wat nie mooi hulle ge-siggies of hand-jies ge-was het nie.

Dit kan julle se-ker wel ver-staan, nê.

Ons moet nou 'n bie-tjie dink of ons al-tyd doen wat 'n ge-son-de, lie-we kind-jie el-ke dag be-hoor te doen.

Kom ons al-tyd net-jies skoon skool-toe? Klim ons dik-wels in die bad om ons ly-fies mooi skoon te was?

Is ons haar-tjies al-tyd mooi skoon-ge-was en reg-ge-kam?

Blink ons tand-jies soos mooi wit kra-le-tjies in ons mond-jies?

Is ons na-el-tjies al-tyd mooi skoon? Al het julle Mammies nie al-tyd tyd om vir julle te was nie, julle stan-derd I kin-ders is groot ge-noeg om dit self te doen, nie waar nie?

Daar is nog iets wat my hart al-tyd seer maak. Par-ty-keer sê die Juffrou van julle klas vir my :

„Hier-die seun-tjie of dog-ter-tjie sou bai-e slim wees as hy of sy maar nie so dik-wels uit die skool bly nie."

Sien julle, lie-we kin-ders, julle kan nie slim word as julle so bai-e uit die skool bly nie.

Wie sal dan vir julle leer om mooi sto-ries te lees? En ek weet dat julle al-mal lief is vir mooi sto-ries, nê.

Voor julle nou Stan-derd II toe gaan, moet julle iets vir my be-lo-we.

Ek het nou so bai-e sto-ries vir julle hier in die boek ge-skry-we, ek wil nou graag weet watter een die mooi-ste vir julle is.

Skry -we nou op 'n pa-pier-tjie van watter sto-rie julle die mees-te hou.

Julle juffrou sal dan al die pa-pier-tjies na my huis stuur want sy weet waar ek woon.

Ek hoop julle sal al-mal oor-gaan na Stan-derd II.

Bai-e groe-te,

Van julle Tan-te.